

MATIELAND



Battling bush encroachment

Coetzenburg
word SA oefenplek



Maties uit Afrika



UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot·your knowledge partner

3:2000

SAATCHI & SAATCHI 31224/R



DStv is brought to you by MultiChoice. Digital Satellite Decoders are available from your local dealer or MultiChoice agent. For more information call: Gauteng (011) 289 2250, W Cape (021) 508 2250, Kwazulu Natal (031) 710 2250, E Cape (041) 395 2250, Free State (051) 503 2250 or visit our website: www.multichoice.co.za. Different subscription rates applicable to commercial establishments. MultiChoice approved installer recommended.

Voorblad: Hoewel daar nie Maties in die buiteland gewerf word nie, kom meer as 1 000 van hulle uit 66 lande Stellenbosch toe. Die Universiteit het formele uitruil- en ander ooreenkomste met 61 buitelandse universiteite. En al hoe meer studente uit Afrika word Maties, want Suid-Afrika bied vir Afrika lande goedkoper en (vir dié kontinent) relevanter buitelandse universiteitsopleiding as Europa, die VSA of Australasië – en Stellenbosch is een van die gewildste keuses. Studente uit 26 Afrika lande studeer op Stellenbosch. Lees die berig op bl. 4.

Voorblad-foto: Roger Sedres

Matieland word gratis aan Oudmaties en US-donateurs gestuur.

Matieland Advieskomitee:

Proff Rolf Stumpf (voors.),
Walter Claassen, Julian Smith,
Piet du Plessis, Johan Groenewald,
George Claassen;
Mnre Kobus Visagie, Hans-Peter
Bakker, Hans Oosthuizen

Uitvoerende redakteur, US-publikasies:

Hans-Peter Bakker
Ontwerp & Uitleg:
Alun Davies en Cathy Charman
Kontrak-uitgewer:
Metupp Publishing, Claremont
Reproduksie: Virtual Colour
Drukker: CTP
Verspreiding: AMA, Kaapstad

Redaksiekantoor:

Posadres: Redakteur: Matieland,
Bemarking & Kommunikasie,
Universiteit van Stellenbosch,
Privaatsak X1, Matieland 7602
E-pos: jcoost@admin.sun.ac.za
Tel: (021) 808-4851/-4632
Faks: (021) 808-3800

Advertensies:

Johannesburg: Metupp Publishing,
Posbus 412193, Craighall 2024
Tel: (011) 803-4446
Faks: (011) 803-4447


Sirkulasie/Adreslys:

Posadres: Malena Fourie,
Matieland-sirkulasie, Bemarking &
Kommunikasie, Privaatsak X1,
Matieland 7602
E-pos: mfour@maties.sun.ac.za
Tel: (021) 808-4919
Faks: (021) 808-3800
Jaargang 44 3:2000
ISSN 0025-5947



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

M A T I E L A N D



Sunsat kry 'n boetie – bl. 6



Sponsorship from America – p. 7



Oudrektor was sy tyd vooruit – bl. 13



Oefenplek vir Amakrokke – bl. 30

Inhoud/Contents

Internasionalisering/Internationalization

- 4 Al meer uit Afrika wil Maties wees
- 6 Golden Key promotes academic excellence on campus

Navorsing/Research

- 6 Ingenieurs begin met nog 'n satelliet
- 7 Californians sponsor chair of table grape viticulture
- 8 Conservation research battles bush encroachment
- 10 High honour for two young professors
- 10 Pryswenner beplan slim verkeersligte
- 12 Spanwerk sorg vir boek oor hoe die lewe begin
- 12 Mondhigiëniste kan HIV lyers help

Uitreik/Outreach

- 25 Uitgesoekte leerders kry jaarlange tweedekansprogram

Mense/People

- 13 Prof Jannie het 'n 'openheid vir die toekoms' gehad
- 26 Matie word Mej Suid-Afrika

Eerbewyse/High honours

- 18 Naudé en vyf ander ontvang eregrade
- 19 Oudvoorsitters gee gesogte toekenning vir kerkleier
- 19 Belgiërs het hoë dunk van Stellenbosser
- 19 Viserektor kry oorkonde en erekleure

Die kunste/The arts

- 24 Tjellostudent Salzburg toe ná uitruilooreenkomste
- 24 Woordfees vir einde Maart beplan

Sport

- 16 Matie-rugby is eintlik al 125 jaar oud
- 17 Wat was die kap agter Dok se byl?
- 30 Coetzburg word SA oefenplek vir paralimpiese atlete
- 31 Wesley kry sy baadjie ná 22 jaar

Allerlei/Miscellaneous

- 2 Klip in die 'Bosch: Briewe/Letters
- 11 Nuwe woordeboek hier in wording
- 15 Raaisel oor beeldjie na byna halfeeu opgeklaar
- 22 Grootste fakulteit het beskeie begin
- 23 Verbruikerswetenskap hou van uitdagings
- 28 In memoriam

Net meer as twee dekades nadat prof JN de Villiers as Stellenbosse rektor uitgetree het, word sy rektorstermyn van die dekade 1970-'79 in oënskou geneem in 'n boek wat pas deur die Universiteit uitgegee is.

"Prof Jannie" was in baie opsigte sy tydgenote ver vooruit. Sy bestuurstyl is gekenmerk deur sy openheid vir die toekoms. Dit het onder meer geblyk uit sy hantering van die studente, in 'n tyd toe studente-onluste in Europa regerings ontwig het.

De Villiers se versindheid was ook sigbaar in sy benadering tot die wêreld buite die akademiese omgewing, veral deurdat hy destyds al die sakewêreld as 'n vennoot by die Universiteit Stellenbosch betrek het.

Van al die ontwikkelinge en hoogtepunte uit Prof Jannie se dekade as rektor was die belangrikste ongetwyfeld die Universiteitsraad se geskiedkundige besluit in Junie 1977 om die Universiteit die eerste keer op voorgraadse vlak vir alle bevolkingsgroepe se studente oop te stel – die eerste Afrikaanse universiteit wat dié stap geneem het.

In dié uitgawe van *Matieland* word meer oor dié bundel vertel. Van die talloos interessante inligting is dat die talentvolle, veelsydige Prof Jannie ('n dokter wat een van die Geneeskunde-fakulteit se drie stigter-professore was) op sy dag 'n knap sportman was. Hy het baie vir sport op Stellenbosch gedoen – en daar was 'n spontane vriendskap en samewerking met Dok Danie Craven. Oor dié enigmatiese grootbaas van destydse SA rugby, het daar ook 'n boek verskyn, wat nou ten bate van die Maties se rugbyklub verkoop word.

Selfs Dok, wat vir Matie-rugby gelê het, het 'n fout begaan deur die klub se stigtingsjaar as 1880 te bereken. Oor die regstel van dié fout, sou selfs Dok bly gewees het – dit blyk immers nou dat die klub in werklikheid sy 125ste en nie sy 120ste verjaardag in 2000 beleef het nie!

Coetzenburg is sinoniem met rugby. Maar in dié uitgawe van *Matieland* is daar ook meer oor Matie-atlete en US-sportwetenskaplikes se bydrae tot die Amakrokokro se segetog by die Paralimpiese Spele in Sydney, en dat die Nasionale Paralimpiese Komitee sy opleidingsakademie vir Suid-Afrika se paralimpiese atlete op Coetzenburg gevestig het – die eerste sportfederasie wat die Universiteit as amptelike tuiste vir sportwetenskap en afrigting aanwys.

Lees ook, in die voorblad-artikel, van die duisendtal studente wat uit 66 lande, en toenemend uit Afrika, Stellenbosch toe kom. Daar is ook berigte oor 'n dubbele eer aan die Matie-studenterraad se oudste oudvoorsitter; 'n raaisel om 'n beeldjie wat ná dekades opgeklaar is; en 'n eerstejaar-meisie wat as Suid-Afrika se mooiste skoonheid aangewys is.

Hans Osthuijzen

Klip in die 'Bosch

Van Riebeeck and Wagenaar were commanders at the Cape

I was most interested to read the article on a visitor who chose to examine an important aspect of South African history, one which is truly inseparable from world-wide commerce (Mr Tadairo Minami, who submitted the first thesis on the Dutch East India Company's trade with Japan from a Japanese perspective: *Matieland* 1:1999).

This article contains an inaccuracy which deserves attention, namely that neither Jan van Riebeeck nor his successor, Zacharias Wagenaar, were governors-general of the Cape station. That superior rank was reserved for the governor-of-governors at Batavia, the centre of the VOC's trade network in the East. Van Riebeeck and Wagenaar held the rank of commander (Dutch: kom-

mandeur) while here. It might be recollected that Simon van der Stel had begun his Cape career as Commandeur, though he was made Gouverneur from 1690.

Further, I feel the name "Castle of Good Hope" does not reflect well the structure's historic name Het Casteel de Goede Hoop. Het is the neuter definite article, while de is the masculine/feminine definite article in Dutch. Early in the British occupation of the Cape, it was perhaps quite easy to confuse the Dutch de with the French de which means something quite different.

I would suggest the use of "Castle Good Hope", being cognate with forms such as the German Schloß Brühl, the French Château Chambord, or the Italian Castel S. Angelo. Many people in this region simply refer to "The Castle" and "Die Kasteel". Perhaps, after all, the Dutch form remains the best.

Prof Maria Fismer

In die berig "Oudmatie maak dekades al naam in Europa" (*Matieland* 2:2000) is vermeld dat die sanger Helmut Holzapfel (wat in Europa naam gemaak het en oor wie dié berig gaan) se ma, Frieda Holzapfel van die Paarl, ook 'n oudstudent van die Konservatorium was en dat sy by prof Maria Fismer "sang gestudeer" het. 'n Afgetrede Stellenbosse professor (nie van die Departement Musiek nie) het *Matieland* daarop gewys dat hy Fismer goed geken het en dat sy nie 'n sangdosent was nie. Dankie, professor; dit was 'n redigeerfout wat gemaak is toe die berig vir publikasie verkort is. (Maria Fismer was vanaf 1935 aan die Konservatorium verbonde, het in 1939 professor en "prinsipale" van dié instelling geword en het ná 17 jaar in 1951 afgetree. Een van die huidige Konservatoriumgeboue se konsertsale is na haar vernoem). – Red.

I agree that there are many unique and beautiful items in the William Fehr Collection. Its founder was the subject of my dissertation in history, awarded the DPhil by Stellenbosch University earlier in 2000.

Dr Karl Koperski, education officer of the William Fehr Collection, Castle Good Hope, Cape Town

Reaksie op Millennium-artikel

Ek waardeer die reaksie van die twee opmerksame briefskrywers, dr Frans Venter en Willie Loedolff (*Matieland* 1:2000), op my artikel Millenniumkoors in *Matieland* 3:1999. Hulle het gelyk: ons nuwe millennium begin onmiddelik na middernag op 31 Desember 2000 en nie ná middernag van 1 Januarie 2001 nie.

Dr Johan van Heerden, verbonde aan die Atoomenergiekorporasie van SA Beperk, na wie se artikel ek verwys, sê wel "Die nuwe millennium begin ...om middernag op 1 Januarie 2001 (1999:14) maar dis interessant dat 'n mens uit sy sin wat onmiddelik daaraan voorafgaan, sou kan aflei dat hy eintlik middernag van 31 Desember 2000 bedoel. Die betrokke sin lui: "...die tweede millennium sal voltooi wees 1 sekonde na 23:59:59 op 31 Desember 2000". Dit impliseer tog

dat die nuwe millennium net na middernag van 31 Desember 2000 begin. Dit lyk my dit is hoe dit in elk geval gestel behoort te word.

Omdat daar 'n navraag was na water artikel van dr Van Heerden hier na verwys word, gee ek die besonderhede. Dit heet: "Wanneer begin die nuwe Millennium?" Dit verskyn as hoofstuk 1 (pp. 9-14) van 'n sameskrif getitel Die Eindtyd, wat hoofsaaklik oor die boek Openbaring handel, waaraan 18 skrywers meegewerk het, in September 1999 gepubliseer deur Carpe Diem Boeke, Posbus 5801, Vanderbijlpark, 1900. Die boek is ongelukkig reeds uit druk.

Prof Jannie du Preez, Uniepark, Stellenbosch

Stellenbosch should be allowed to keep its Afrikaans character

Afrikaans has a right to be heard. Those who don't know Afrikaans must make the attempt to know it, just as I have been doing for years.

If an opinion was sought by the government as to which university should be allowed and supported to keep its Afrikaans character, Stellenbosch would get my vote. One reason is that the whole (Western Cape) area around

Stellenbosch is predominantly Afrikaans-speaking.

Black people should also be encouraged to study there. Many black people are Afrikaans-speakers or at home in both English and Afrikaans.

As a former headmaster of several high schools in Ciskei I fought for Afrikaans to be taught. When I buy my weekend newspapers, Rapport would be there too.

Afrikaans-speakers are tolerant towards someone who makes mistakes in speaking Afrikaans. They encourage you to learn their language. In our daily lives the Afrikaner is an honest person; somebody who means what he

says. You know where you are with Afrikaners.

Let Afrikaans take its rightful place. Dit is ook die taal van die land. Dit is die taal van die meeste van die mense.

Vir 'n swart kind sal ek sê dat dit belangrik is dat Afrikaans een van die tale is wat jy kan praat. Baie van die mense wat vir jou werk gaan gee, praat Afrikaans. Daarom moet jy hulle taal praat. Mense is verbaas as hulle hoor ek praat ook 'n bietjie Afrikaans. Hoekom? Ek is dan in dié land gebore!

Joseph Mpetile (Oudmatie en 'n donateur van die Universiteit), Grahamstad


Skryf aan: Redakteur, *Matieland*, Privaat Sak XI, *Matieland*, 7602; faks (021) 808-3800; e-pos jcoost@admin.sun.ac.za

Please write to: Editor, *Matieland*, Private Bag XI, *Matieland*, 7602; fax (021) 808-3800; e-mail jcoost@admin.sun.ac.za

Teken in op studentekoerant

Oudmaties kan inteken op die studentekoerant *Die Matie*, wat tweeweekliks gedurende kwartaaltyd verskyn. Die intekengeld is R50 vir 12 uitgawes, betaalbaar aan "Universiteit van Stellenbosch." Bestellings moet gestuur word aan: Carina du Toit, Sirkulasie, *Die Matie*, Langenhoven Studentesentrum, Universiteit van Stellenbosch, Privaat Sak XI, *Matieland*, 7602.

Medewerkers in dié uitgawe



Dok Craven het 'n 1880-foto as bewys aanvaar dat die Maties se rugbyklub toe gestig is. Pas nadat die klub sy "120ste" verjaardag gevier het, het **Floris van der Merwe** vasgestel dat dit eintlik vyf jaar ouer is. Dr Van der Merwe doseer sportgeskiedenis in die Departement Sportwetenskap (voorheen Menslike Bewegingskunde) aan die Universiteit. Hy is sekretaris van die Matie-ondersoekersklub en 'n bekende sportgeskiedskrywer wat onder meer verskeie boeke geskryf het. – Bl. 16



Vicky Davis is 'n eerstejaar-Matie wat drama studeer, 'n Me *Matieland*-finalis is, deelyds sanglesse neem – en graag skryf. Sy het in 1999 'n nasionale skryfkompetisie gewen. Aan die Hoërskool Hottentots-Holland op Somerset-Wes waar sy in haar matriekjaar "student van die jaar" was, was Jo-Ann Strauss die vorige jaar se hoofmeisie. Vicky het met Jo-Ann gesels en skryf vir *Matieland* oor die eerste Matie-vrou sedert die vyftigerjare wat die Me Suid-Afrika titel gewen het. – Bl. 26

Hoewel daar nie Maties in die buiteland gewerf word nie, kom meer as 1 000 van hulle uit 66 lande Stellenbosch toe

Al meer uit Afrika wil Maties wees

Die Universiteit het formele uitruil- en ander ooreenkomste met 61 buitelandse universiteite

Suid-Afrika bied vir Afrika lande goedkoper en (vir dié kontinent) relevanter buitelandse universiteitsopleiding as Europa, die VSA of Australasië – en Stellenbosch is een van die gewildste keuses.

Daar is altesaam 26 Afrika lande onder die 66 lande wêreldwyd wat studente op Stellenbosch het.

Uit die meeste lande kom slegs enkele studente. Behalwe Namibië en Zimbabwe, wat nog altyd 'n redelike getal studente aan die US gehad het, beseft vier ander Afrika lande toenemend dat Suid-Afrika en veral Stellenbosch goeie nagraadse opleidingsmoontlikhede bied.

Dié vier is Botswana, Ethiopië, Eritrea en Rwanda. Botswana se regering betaal self vir sy studente se opleiding, terwyl die ander drie lande met die hulp van Wêreldbank-lenings beurse vir studie in Suid-Afrika beskikbaar stel.

Formele dosente- en studente-uitruilprogramme werk soms redelik eensydig – minder studente gaan van Stellenbosch af as wat hierheen kom

In 2001 stuur Eritrea se regering byvoorbeeld 400 studente na 'n aantal universiteite en teknikonse in Suid-Afrika. Van hulle kom 45, die grootste komponent van dié 400, Stellenbosch toe.

Hoewel die sowat 1 000 buitelandse studente op die Matie-kampus 'n relatiewe klein persentasie van die Universiteit se meer as 21 000 studente uitmaak, is hulle steeds een van die grootste groepe buitelandse studente op 'n SA kampus. En dit ondanks die feit dat klasse minstens op voorgraadse vlak aan die

Universiteit hoofsaaklik in Afrikaans aangebied word.

"Die Universiteit werf geen studente in die buiteland nie," sê Robert Kotze, hoof van die Internasionale Kantoor op die kampus.

Dié kantoor het in 1993 ontstaan op aanbeveling van die vorige rektor en visekanselier, prof Mike de Vries, en die destydse viserektor (akademies), prof Hennie Rossouw, nadat hulle die vorige jaar saam 'n besoek aan Wes-Europa gebring het.

In die beginjare was die kantoor hoofsaaklik ingestem op navorsings- asook nagraadse opleidingsverbintenisse – en veral met Wes-Europese universiteite, hoofsaaklik in Nederland en België.

Die Universiteit het nog altyd 'n groot getal studente uit Namibië en Zimbabwe getrek, maar sedert die middel-negentigerjare het studente van 'n verskeidenheid ander Afrika lande ook Stellenbosch toe begin kom, onder meer om in die bosbouwetenskappe te studeer: 'n Aantal Koreaanse Christene het ook toenemend hierheen gekom om hul nagraadse studies in die teologie voort te sit.

Kotze was die kantoor se eerste aanstelling en was vir sowat twee jaar alleen voordat Alison April bygekom het. Die kantoor het nou 13 vol- en deeltydse personelede. Van die deeltydse personeel is nagraadse studente.

Nadat Alison ('n oudlid van die Maties se studenteraad en van die Universiteitskoor) Stellenbosch aan die einde van 1999 verlaat het, is Samantha Walbrugh-Parsadh (oudprimaria van Serrunia wat voorheen aan die kommunikasie-afdeling by die US verbonde was) in dié pos aangestel.

"Buitelandse studente ervaar 'n verskeidenheid probleme, wat wissel van mens tot mens en ook afhang van die lande waarvandaan hulle kom," sê Kotze.

Baie van die probleme het te make met die taal- en kultuurverskille wat hulle hier beleef. Buitelanders het dikwels inskakelingsprobleme op die kampus. 'n Vreemdeling wat alleen uit Indië, Roemenië of

Soedan op Stellenbosch aanland, worstel nie net met studie- en aanpassingsprobleme nie.

Op Stellenbosch is geskikte verblyfplek nie altyd maklik bekombaar én bekostigbaar nie. En taal is ook dikwels 'n yslieke probleem. Om hul studies te kan voortsit, moet baie van die buitelanders bykomende Engelse klasse neem wat spesiaal deur die Internasionale Kantoor vir hulle aangebied word. Van hulle volg selfs 'n kursus in basiese Afrikaans, aangebied deur die Eenheid vir Afrikaans op die kampus.

Hoe ervaar hulle Stellenbosch?

Dié wat nog nie voorheen hier was nie, is dikwels baie verbaas oor hoe "Europees" dit is, sê Kotze. "Hulle is soms selfs teleurgesteld omdat Stellenbosch nie die ware 'Afrika-belewenis' bied wat hulle oral op die kontinent verwag het nie!"

Maar, voeg hy by, hulle is meestal uiters beïndruk met die akademiese geriewe wat hulle hier aantref – en wat hulle, weereens, nie in Afrika verwag het nie!

Dié (gelukkig, verreweg die minderheid) wat saam met hul wederhelftes en kinders hier aanland, het ook dikwels ernstige probleme met byvoorbeeld die vrou se aanpassing of die regte skool vir 'n kind.

En hoe beleef Suid-Afrikaanse Maties die groeie vreemdelinge wat van oral oor op die kampus aankom?

"Baie positief," meen Kotze. Hy hoor dikwels dat die Suid-Afrikaners sê hulle leer- en lewenservarings word verruim deur die kontak met mense uit ander lande en kulture wat saam met hulle studeer: "Daar was al selfs druk van dosente én studentekant om buitelanders in sekere nagraadse klasse te akkommodeer."

Neem die buitelanders nie die min beskikbare plekke op wat eintlik deur Suid-Afrikaners benut moet word nie?

Eintlik nie, want die buitelanders studeer hoofsaaklik nagraads. Dié wat voorgraads hier is, volg gewoonlik slegs semester- of ander spesiale kursusse.



Studente uit die buiteland is selfs teleurgesteld omdat Stellenbosch nie die ware 'Afrika-belewenis' bied wat hulle oral op die kontinent verwag het nie!

Alle nagraadse buitelandse studente word ten volle deur die regering gesubsidieer, terwyl die Universiteit voortaan slegs vir voorgraadse studente uit die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) lande subsidie kry – vanaf 2001 moet alle voorgraadse buitelanders van buite die SAOG die volle koste vir hul studies betaal.

Die kantoor bestuur ook die Universiteit se formele uitrui- en ander ooreenkomste met buitelandse universiteite, waarvan daar tans 61 is. Dit

wissel van omvattende dosente- en studente-uitrui-programme wat elke betrokke universiteit in sy geheel kan betrek, tot ooreenkomste wat slegs bepaalde departemente of fakulteite raak.

Die universiteite ter sprake is in Nederland, België, Duitsland, Frankryk, Brittanje, Swede, Roemenië, Rusland, Hongarye, China, Korea, Maleisië, die VSA, Namibië, Zambië, Uganda en Soedan.

In sommige gevalle werk die ooreenkomste redelik eensydig – minder studente gaan van Stellenbosch

1. Ludwine Mabika Mbokou van Gaboen, Philemon Lyoka van Tanzanië en Sindy Weigelt van Duitsland by die Afrika-dag.

2. Dr Ratimi Sadiku van Nigerië, 'n na-doktorale navorsers by die Instituut vir Polimeerwetenskap aan die US, het een van die lesings by die Afrika-dag aangebied.

3. Robert Kotze, hoof van die Internasionale Kantoor, by twee vrouestudente uit Afrika, Monique Nanzabagangwa (links) en Blanche Assam. Monique (wat haar eerstelingbaba, Emile, vashou) is een van die min vrouestudente wat nog uit Rwanda toegelaat is om in die buiteland te gaan studeer. Sy doen haar meestersgraad in ekonomie en haar man, 'n dosent aan die Universiteit van Rwanda, sluit in 2001 by haar aan om sy meestersgraad in sosiologie hier te voltooi. Emile se geboorte in Oktober op Stellenbosch was 'n belangrike gebeurtenis vir die buitelandse Maties, wat hul eie studentevereniging op die kampus het. Toe die agt mansstudente uit Rwanda hoor dat 'n groep vroue vir Monique 'n ooevaarspartytjie gehou het, wou hulle nie agterbly nie en het self ook 'n yslike ooevaars-ete by die studentekoshuis Concordia gehou, kompleet met genoeg Afrika-disse en formele toesprake!

4. Die Internasionale Kantoor het onlangs vir die eerste keer "Afrika Universiteite Dag" op die kampus gevier – 'n geleentheid wat jaarliks deur die "Association of African Universities" gereël word. Hier is vyf studente van oor die hele wêreld wat dié akademiese opedag bygewoon het. Doktorale en meestersgraadstudente van elders in Afrika het onder meer lesings aangebied oor hul navorsingsvelde – van chemie, bosbouwetenskappe, insekplagbeheer, toegepaste wiskunde en mikrobiologie tot teologie en menslike bewegingskunde.

5. Samantha Walbrugh-Parsadh en Ben Nel (middel) van die Internasionale kantoor by die Afrika-dag saam met twee buitelandse studente.

af as wat hierheen kom. Dit het deels te make met die feit dat dit vir Suid-Afrikaners baie duur is om oorsee, veral in Wes-Europa of die VSA, te gaan studeer. Die uitrui-ooreenkomste sluit gewoonlik die kwytskelding van klasgeld in, maar nie verblyf- en ander koste nie. Vreemdetaalkennis is in baie gevalle 'n beperkende faktor.

Die Internasionale Kantoor stel dus ook oorsese doseer- en studeermonthede op die Matiekampus bekend en probeer dit aanmoedig.

Golden Key promotes academic excellence on campus

A prestigious society with over 300 university chapters in the USA, Canada, New Zealand, Malaysia and South Africa has established itself on the Stellenbosch campus.

Golden Key International Honour Society is based in Atlanta, USA, where it was founded in 1977. Its main objective is to recognize and encourage academic achievement in all fields of study. Membership is by invitation only to the top 15% of undergraduate students.

Members are part of a network of students, universities and corporate companies, granting them social and professional contacts.

Membership offers students benefits such as scholarships, leadership opportunities, involvement in community projects and career opportunities.

Golden Key is committed to community service, and the Stellenbosch chapter plans to become involved in existing and possible new community projects.



Golden Key's honorary members, Professors Johan de Villiers, Rudi Botha and Jaap Durand (at the back) with Prof Estrelita Janse van Rensburg and Dr Yvonne Muthien.

Golden Key was chartered at Stellenbosch University at an inaugural ceremony in the Endler Hall of the Conservatoire, where 472 members were admitted.

Three scholarships of more than R3 500 each were also awarded to outstanding new members Stefan Hofmeyr (medicine), Amanda Larsen (economic and management sciences) and Marlize Schoeman (engineering).

Each Golden Key chapter awards honorary membership to a number of people every year. Five Stellenbosch academics who all have ties with the University have been honoured. They are professors Rudi Botha (who teaches general linguistics) Johan de Villiers (mathematics, and also the conductor of the Libertas Choir), Estrelita Janse van Rensburg (medical virology, and a research expert on the the HIV/AIDS pandemic) and Jaap Durand (former deputy vice-chancellor of the University of the Western Cape) as well as Dr Yvonne Muthien (a former executive director at the HSRC and current member of the University Council).

Prof Rolf Stumpf, vice rector (teaching), addressed the inaugural meeting on Promoting Excellence in Higher Education.

Golden Key Stellenbosch plans to be one of the largest and most active student societies on campus.

NAVORSING/RESEARCH

'n Nuwe assosiaat maatskappy van die Universiteit het sy eerste opleidingskontrak gesluit – in Saoedi Arabië

Ingenieurs begin met nog 'n satelliet

**'Dis 'n besondere prestasie om so 'n
hoë tegnologie oordragkontrak in die
buiteland los te slaan'**

Nog 'n satelliet
word in die
ingenieurs-
fakulteit
gebou. Die
werk daaraan het onlangs
begin.

Dit volg op die die dawerende sukses van Sunsat, Afrika se eerste satelliet wat in dié fakulteit gebou en in Februarie verlede jaar in Amerika gelanseer is.

SunSpace, die nuwe assosiaat maatskappy van die Universiteit, wat juis gestig is om die Sunsat tegnologie te bemark, het 'n City for Science and Technology en die verskaffing van

Dit is gebaseer op die Sunsat tegnologiebasis wat hier gevestig is.


Die kontrak strek oor 'n tydperk van 30 maande en 'n bestuursplan onder leiding van mnr Ferdi Herbst, hoofbestuurder van SunSpace, is aangestel vir die bedryf van die maatskappy en die uitvoering van die kontrak, wat amptelik op 26 Oktober 2000 'n aanvang geneem het.

Vir dié doel het SunSpace kantoor- en laboratoriumruimte op die boonste vlak van die ingenieursgebou by die Universiteit gehuur en ingerig.

Prof Arnold Schoonwinkel, besturende direkteur van SunSpace, sê dit is 'n besondere prestasie vir dié entrepreneursgerigte maatskappy op eie bodem om so 'n hoë tegnologie oordragkontrak in die buiteland los te slaan.

"Dit bevestig dat goed opgeleide Suid-Afrikaanse ingenieurs binne die laer kostestrukture van die plaaslike navorsings- en ontwikkelingsgemeenskap, kompeterende ruimteverwante produkte en dienste aan internasionale kliënte kan lewer," het Schoonwinkel aan Matieland gesê.

Personeelede van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese het deur hulle kundigheid, deurstellingsvermoë, dryfkrag en geesdrif 'n droom laat waar word toe Sunsat in Februarie 1999 in Kalifornië gelanseer is. Nou werk hulle aan die ideaal om die kommersiële waarde van die tegnologie wat verwerf is, te ontsluit – vir die Universiteit en ander aandeelhouders.



Skets van die beoogde satelliet

South Africa's table grape industry is a major role-player in the global deciduous fruit industry

Californians sponsor chair of table grape viticulture

Industry support is very valuable for the University, which strives to maintain and strengthen its collaboration with the industries in its environment

One of California's leading agricultural concerns, Sun World International, is sponsoring a chair of table grape viticulture in the Faculty of Agriculture and Forestry Sciences.

Dr Melané Vivier, a senior lecturer in the Department of Oenology and Viticulture has been appointed to the chair. She will focus on graduate and postgraduate training, research and publications, and general table grape industry servicing and liaison work.

The post was first created and sponsored by the Deciduous Fruit Producers Trust (DFPT) and the South African Table Grape Association.

Sun World is a leading breeder, producer and marketer of table grapes. Its Sugraone variety grapevine is propagated, produced and marketed under license by several hundred growers, export companies and nurseries throughout South Africa. The company farms approximately 8 000 hectares of grapes, plums, peaches, nectarines, apricots and citrus throughout California.

Keith Blackpool, chairman of the Board of Sun World, who visited Stellenbosch for the



Melané Vivier:
"South Africa's table grape industry has proven its commitment to education and research"

announcement of the sponsorship, said it was an honour for his company to support Stellenbosch University and its renowned Viticulture Department, particularly in an area so important and relevant to Sun World and its South African grape licensees.

"We remain hopeful that our support will lead to further advances that truly benefit South African nurseries, producers and fruit marketers."

"South Africa's table grape industry is a major role-player in the global deciduous fruit industry," says Vivier. "And it has proven its commitment to education and research by funding positions and research grants at universities and other research institutions."

The DFPT acts as the cohesive umbrella producers organisation to co-ordinate, facilitate, fund and manage industry services and functions, including those of the South African Table Grape Producers' Association.

Vivier says this support from industry has proven very valuable for Stellenbosch University, which strives to maintain and strengthen its collaboration with the industries in its environment.

"The fact that my position, through collaboration with the DFPT, is now being sponsored by an international company of the calibre of Sun World undoubtedly confirms to the University and the world, the industry's and its partners' continued commitment to education and research."

A Stellenbosch researcher tackles a huge and complex problem which has caused untold misery and hardship for Africa's people and animals

Conservation research battles bush encroachment

The phenomenon affects some 20 million hectares of South Africa, causing vast areas of land to become unusable for up to six decades

Prof David Ward's research is aimed at finding a solution to bush encroachment – a huge, complex African problem which has caused untold misery and hardship for man and beast.

It is estimated that some 20 million hectares of South Africa are currently affected by bush encroachment. It is a phenomenon that can render vast areas of land unusable for up to six decades.

This is an example of an agricultural problem that is also a biodiversity problem

Grasses, being fast-growing plants with roots in the upper layers of the soil, outcompete trees for water and soil nutrients. When overgrazing occurs, the grasses are removed, freeing up water and soil resources for the trees to exploit. Tree seeds are then able to germinate en masse, creating an impenetrable thicket. This is known as bush encroachment.

It is an example of an agricultural problem that is also a biodiversity problem: reduced agricultural productivity occurs because of the low value of

thorn trees to livestock; reduced biodiversity occurs because a multi-species grass sward is replaced with a single tree species.

"Finding a solution to the problem of bush encroachment is therefore of mutual benefit to agriculture and conservation," says Ward, of the Department of Nature Conservation in the Faculty of Agricultural and Forestry Sciences.

The problem of bush encroachment is particularly acute in the communal rangelands of South Africa where human and livestock population densities are very high and consequently overgrazing is common.

"The conventional wisdom that bush encroachment only occurs after grasses are removed by overgrazing is somewhat simplistic and may not be a general explanation for the phenomenon.

"For example, there are large areas of southern Africa where there is only a shallow soil layer with insufficient depth for the stratification of grass and tree roots into different layers, yet bush encroachment still occurs there," says Ward.

"We believe that it is vital to understand interactions between different levels of soil nitrogen and the population genetic structures of the trees in order to make predictions about which areas are most susceptible to bush encroachment."

Ward's main research site is in the Northern

Cape, at Pniel about 30 km north of Kimberley near Barkly West. It consists of a large farm (25 000 hectares) owned by the Evangelical Lutheran Church and a smaller farm (3 000 hectares) owned by the black pastoralists who have always lived there and have obtained it formally from the church as a result of a successful land claim.

Ward says that this study area at Pniel provides a tremendous scope for his research because it lies within the Kimberley Triangle (Kimberley-Schmidtsdrift-Delportshoop) which has great potential as a large conservation area with much ecotourism potential.

The triangle includes the Vaalbos National Park. Apart from Vaalbos and Pniel, the Kimberley Triangle contains a large game ranch, Rooipoort, owned by De Beers, two smaller commercial game-cattle ranches, and a farm owned by a San community (currently living at Schmidtsdrift, just outside the triangle) as well as a Tswana-speaking community.

Ward's aim is incorporating the black communities into the larger conservation area. "One possible approach is to set up a lodge on the Pniel communal area that will be owned and run by the community. I also see my role as introducing ecological management techniques that will improve the quality of the environment and introduce all the parties to new ways of collaboration for mutual gain."



It is vital to understand the effects of the levels of soil nitrogen and its relationships with the population genetic structures of the trees



*Right top: Moderate bush encroachment by swarthaak, *Acacia mellifera*, at Pniel near Barkly West in the Northern Cape. In this phase, there is some grass available for livestock to graze although productivity is already low enough to make it uneconomical for the rancher.*

Right middle: Serious bush encroachment by swarthaak. In this phase, the trees form thorny thickets that are impenetrable to livestock.

Right: It may take six years or more before the bush-encroaching trees start to die off and the land returns to open savanna with scattered tall trees and a diverse grass sward.



High honour for two young professors

Two professors of the University have received top awards in their respective fields of study.

Prof Chris Aldrich of the Department of Chemical and Metallurgical Engineering has been awarded the Southern African Association for the Advancement of Science (S'AA) British Association Medal (Silver) for 2000 and Prof Gary Stevens of the Department of Geology has received the Meiring Naudé Medal of the Royal Society of South Africa for 1999.

The medal to Aldrich is one of the highest awards for original scientific research in South Africa. He received it at an award ceremony in Pretoria. Stevens was awarded his medal at the annual dinner of the Royal Society in Cape Town.

The British Association Medal is awarded to a person younger than 40 (Aldrich turned 40 in July 2000) who is actively engaged in scientific research and has proved evidence by way of publications, discoveries and/or skills of outstanding capability and achievement, especially when gauged by international standards.



Above left: Chris Aldrich: one of the highest awards for original scientific research. Above right: Gary Stevens: has made a major contribution to science in South Africa



The Meiring Naudé Medal is presented annually to a young scientist who is adjudged to have made a major contribution to science in South Africa.

It was made to 35-year-old Prof Stevens for his work on laboratory techniques for simulating the physical and geochemical processes of ore deposit formation at geologically relevant pressures and temperatures.

Chris Aldrich has been with the University since 1992. He obtained all his degrees, including a PhD in Engineering, at Stellenbosch.

In 1995 he received the President's Award of the Foundation of Research Development (FRD) for international recognition of research. This award is made annually to three or four South African academics under the age of 35 in the fields of science, engineering and technology.

Gary Stevens joined the University's staff five months ago when he was appointed an associate professor of Geology. He studied at the Rand Afrikaans University where he obtained the degrees BSc and MSc. He did his PhD at the University of Manchester in England.

Pryswenner beplan slim verkeersligte

Yolandé Olivier, 'n student in Bedryfsingenieurswese, het vanjaar die gesogte Jac van der Merwe prys vir innovasie gewen.

Dié gesogte prys by die ingenieursfakulteit word die afgelope ses jaar deur M-Net geborg.

Olivier se studieleier is James Bekker. Sy het in haar finalejaarskripsie die "Population Based Incremental Learning" (PBIL) optimeringsalgoritme en die Arena simulatie sagteware, inno-

verend geïntegreer.

Dié stelsel is aan die hand van regte-wêreld stelsels getoets. Een so 'n toepassing is gedoen om die vloei van verkeer in oggenspitstyd by die NI-Durbanweg-wisselaar in Bellville te optimeer.

Dié toepassing hou belofte in. Dit kan die eerste stap wees om in die toekoms intelligente verkeerstelsels te ontwikkel wat onmiddellik kan aanpas soos die verkeersvloei verander.




Yolandé Olivier by Kobus Burger wat as M-Net se bestuurder van interne kommunikasie die R15 000 prysgeld aan haar oorhandig het.

Akademici uit Nederland, België en Suid-Afrika werk saam onder leiding van 'n US-dosent

Nuwe woordeboek op Stellenbosch in wording

Die model wat hiervoor ontwerp is, kan ook gebruik word vir vertalende woordeboeke tussen Afrika tale



Rufus Gouws:
Hoofredakteur van 'n nuwe
vertalende woordeboek met
Afrikaans en Nederlands as
taalpaar wat op Stellenbosch
aangepak is

Werk aan 'n nuwe vertalende woordeboek met Afrikaans en Nederlands as taalpaar is pas aan die Universiteit begin.

Die projek is die resultaat van 'n initiatief deur die Nederlandse stigting ZASM en die beplanning en haalbaarheidstudie wat gedoen is, is die resultaat van samewerking tussen akademici uit Nederland, België en Suid-Afrika.

Die redaksieraad van die woordeboek bestaan uit drs Harry Brinkman, voorsitter van ZASM en gewese bestuursvoorsitter van die Vrye Universiteit van Amsterdam, prof Willy Martin, hoogleraar in die Afdeling Lexicologie aan dieselfde Universiteit, prof Luc Renders, hoogleraar aan die Limburgse Universitair Centrum in België en prof Rufus Gouws, hoogleraar in die Departement Afrikaans en Nederlands op Stellenbosch.

Die stigting ZASM tree as die hooffinansier van die projek op, met die US en die PU vir CHO as finansieringsvennote. Naspers is ook 'n vennoot in die projek deurdat Pharos, Naspers se woordeboekafdeling, die uiteindelijke produk gaan publiseer.

Die beplanning vir die projek is in Nederland, België en Suid-Afrika gedoen, maar daar is besluit dat die redaksionele werk hier gedoen sal word onder hoofredakteurskap van prof Rufus Gouws. Die redaksielede is dr Daniël Hugo en mee Adrie van Eeden en Karlien Ponelis.

Drs Brinkman sê die bewerking wat in dié woordeboek aangebied word, wyk baie af van dié van tradisionele vertalende woordeboeke. Die noue verwantskap tussen Afrikaans en Nederlands het die afwykings genoodsaak. Die

talle ooreenkomste verg 'n eiesoortige behandeling wat ook vir die verskille tussen die tale voorsiening moet maak.

Proff Martin en Gouws het op 'n onlangse kongres van die Europese Leksikografievereniging in Stuttgart, Duitsland, die nuwe model wat in dié woordeboek toegepas word aan die leksikografiese gemeenskap bekend gestel.

Die metaleksikografiese model wat vir die woordeboek ontwerp is, sal ook gebruik kan word vir vertalende woordeboeke tussen die verskillende Afrika tale.

Die projek behoort binne vier jaar voltooi te wees.



Twee van die vier redaksieraadslede, albei van Amsterdam, toe hulle Stellenbosch onlangs besoek het: Willy Martin (links) en Harry Brinkman.



Spanwerk sorg vir boek oor hoe die lewe begin


Medici van die Universiteit en die Tygerberg Hospitaal het met hul Portugese, Egiptiese en Amerikaanse medegeleerdes saamgewerk aan 'n buitengewone publikasie: *The Atlas of the Ultrastructure of Human Oocytes: A guide for assisted reproduction, aimed at clinicians and scientists.*

Die atlas beskryf en illustreer hoe menslike konsepsie en embrioniese oorsprong geskied.

Dié omvattende werk se mederedakteurs is Stellenbossers prof Thinus Kruger en me Marie-Lena Windt, albei van die Departement Verloskunde en Ginekologie, saam met dr Mahmoud El. Shafie van Egipte en prof Mário Sousa van Portugal asook 'n aantal Amerikaanse medewerkers.

Hulle het met behulp van die elektronmikroskoop meer as 140 baie besonderse elektron-mikrografiese voorstellings van vroulike eierselle en manlike spermselle verkry wat nog nie voorheen gepubliseer is nie.

Die werk bevat 29 kleurfoto's waarmee beskryf en geïllustreer word hoe



Thinus Kruger (regs) kyk toe terwyl een van sy buitelandse mederedakteurs, Mahmoud El. Shafie van Egipte, op die Tygerberg-kampus 'n eksemplaar van die nuwe boek aan Geneeskunde-dekaan Jan Lochner oorhandig.

medici die ICSI-tegniek ("intracytoplasmic sperm injection") gebruik om voortplanting aan te help.

Dié tegniek is, saam met proefbuisvoortplantingstegnieke, die grondslag van infertilitetsbehandeling oral ter wêreld.

Marsia Kitshoff en Pam McGregor van die Universiteit en die Tygerberg Hospitaal se Departement Anatomiese Patologie was vir die elektronmikrografiese voorstellings verantwoordelik.

Kruger sê reprodutiewe geneeskunde het in die afgelope agt jaar; sedert die ICSI-tegniek bekendgestel is, 'n dramatiese verandering ondergaan, en bied nou moontlikhede vir

ouerpare wat voorheen min of selfs geen vooruitsig gehad het om te ver wag nie.

Parthenon, wat wêreldwyd werke oor die geneeskunde, wetenskap en tegnologie publiseer; gee die nuwe werk uit. Hoewel dit gemik is op embrioloë, androloë, huisdokters en tegnici wat almal by reprodutiewe geneeskunde betrokke is, is die atlas ook van belang vir ouerpare wat infertilitetsbehandeling ondergaan.

Mondhigiëniste kan HIV lyers help

Die meeste HIV-pasiënte het ernstige mondsiektes en -sere. Baie van hulle kan nie eet of drink nie en, in uiterste gevalle, nie eens praat nie.

Volgens navorsing het 70% van alle HIV-pasiënte ernstige mondsere en -siektes onder lede.

Omdat die sere en mondinfeksies aanvanklik nie met HIV in verband gebring word nie,

word dit nie as ernstig beskou nie en dus nie onmiddellik behandel nie. Die sere en infeksies is veral 'n groot probleem by kinders.

Die Departement Gemeenskapstandheelkunde op die Tygerberg-kampus gee nou aandag aan dié probleem – met hulp van die privaat sektor. Bristol-Myers Squibb het R2,5miljoen vir vyf jaar aan die departement geskenk – uitsluitlik om vir mondgesond-

heidspersoneel HIV/MIGS onderrig en opleiding te verskaf.

Die departement sal ook van dié geld vir navorsing gebruik, hoewel dit meestal vir die opleiding van mondhygiëniste aangewend sal word.

Mondgesondheidspersoneel kan beslis 'n groot bydrae lewer in die stryd teen dié siekte.

Prof Jannie het 'n 'openheid vir die toekoms' gehad

Prof Jannie de Villiers, Stellenbosse universiteitsrektor gedurende 1970-'79, was in sekere opsigte baie van sy tydgenote vooruit. Die Universiteit kan inspirasie put uit sy versindheid, oortuigings en persoonlikheid.

So skryf prof Andreas van Wyk, rektor en visekanselier, in 'n boek oor De Villiers as rektor wat pas deur die Universiteit uitgegee is.


Van Wyk sê in De Villiers se rektorsjare was daar reeds aanduidings dat Suid-Afrika onherroeplik gaan verander. "Hy het dit vroeër as baie ander besef en 'n mens sou hom daarom as een van die eerste 'nuwe Suid-Afrikans' kon beskryf."

Dié "openheid vir die toekoms" het veral geblyk uit De Villiers se nuwe aanslag en sienings op vele

gebiede: sy hantering van die studente en sy benadering tot die buitewêreld, veral deurdat hy die sakewêreld destyds al as 'n vennoot by die Universiteit betrek het.

Die sprekendste van De Villiers se versiene stappe was die raadsbesluit in 1977 om die Universiteit vir die eerste keer op voorgraadse vlak vir alle bevolkings-groepe se studente oop te stel. Hy "het dus die Universiteit gelei in 'n era toe in Suid-Afrika ideologie begin plek maak het vir pragmatisme. Dit het ook sy bestuurstyl gekenmerk," skryf Van Wyk.

Dit het geensins beteken dat De Villiers nie 'n man



"van oortuiging en waardes was nie. Veral Stellenbosch se posisie as 'n Afrikaanstalige instelling het hom baie na aa die hart gelê."



Professor JN de Villiers, uitgegee deur die Universiteit, het 'n volkleur-omslag en bevat talle foto's oor Prof Jannie se lewe en veral sy tyd as rektor op Stellenbosch. Dit is teen R70 (posgeld en verpakking ingesluit) beskikbaar by Korporatiewe Sake, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602; faks (021) 808 3825; e-pos jmvd@maties.sun.ac.za

Meer as 20 jaar ná prof Jannie de Villiers se uittrede as rektor in 1979 word sy invloed en hervormings steeds by die Universiteit ervaar

Hy het baanbrekerswerk op verskeie terreine gedoen

'n 'Natuurlike leier' wat met hart en siel rektor was en bykans tien van die beste jare van sy lewe aan die Universiteit gewy het

As briljante geleerde en veelsydige mens het Jannie de Villiers op meer as een terrein aan die Universiteit baanbrekerswerk gedoen: as dosent en navorser; as stigter-hoof van een van Suid-Afrika se voorste ginekologie en verloskunde departemente; en een van die geneeskundefakulteit se eerste drie dosente.

As rektor het hy onder meer te midde van baie teenstand die eerste stappe deurgevoer om Stellenbosch die eerste Afrikaanse universiteit te maak wat vir alle Suid-Afrikans toeganklik geword het. Hy was 'n pragmatiese, 'n baie suksesvolle rektor; 'n natuurlike leier wat met hart en siel rektor was en bykans tien van die beste jare van sy lewe aan die Universiteit gewy het.

In *Professor JN de Villiers*, 'n boek wat die Universiteit onlangs oor De Villiers as rektor uitgegee het, word vertel hoe veel hy in die dekade 1970-1979 wat hy rektor was, vermag het – ondanks 'n hartkwaal wat reeds vóór hy rektor geword het byna sy lewe geëis het. Daar word ook vertel van sy vele talente: as uitstekende sportpresteerder in sy jong dae, as begaafde musikant asook liefhebber van die kunste en veral die Afrikaanse kultuur. En ook sy buitengewone ingesteldheid as student, dokter, dosent, rektor en gesinsmens.

Jannie de Villiers was slegs 16 jaar oud toe hy in 1940 as eerstejaarstudent in teologie Stellenbosch toe is, waar hy vir 'n jaar lank 'n inwoner van Dagbreek was. Hy is in 1922 op Beaufort-Wes gebore waar hy saam met Chris Barnard, die latere hartoorplantingspionier, op skool was. Jannie se pa was saam met Eric Louw, 'n latere minister van buitelandse sake, mede-eienaar van 'n winkel op Beaufort-Wes. Jannie was tien jaar oud toe die gesin Hexriviervallei toe verhuis het, om op sy ma se erfplaas te gaan woon.

Aan die einde van sy eerstejaar staak hy sy teologiestudies om geneeskunde te gaan studeer; in Kaapstad omdat Stellenbosch toe nog nie 'n fakulteit hiervoor gehad het nie. Toe dié fakulteit in die vyftigerjare gevestig is, was De Villiers een van die eerste drie pioniersprofessore wat daar aangestel is.

De Villiers se eerste pos as dokter was op Calvinia, 1949-'52, waar sy vrou, Geraldine ('n nooi De Villiers en ook 'n dokter), hom in die praktyk bygestaan het. Hy was 'n baie gewilde huisdokter en dit was wêreldnuus toe hy in 1952 die nood-geboorte van 'n vierling in die klein hospitaaljie op dié dorp behartig het. Een van die vier babas (almal seuns) is na dr Jannie vernoem, nl. De Villiers Lombard. Die vierling was studente op Stellenbosch toe Jannie

Vervolg op bl. 14



1. Die kanselier, prof Elize Botha, het die boek oor prof De Villiers aan hom oorhandig.
2. Die rektor en visekanselier, prof Andreas van Wyk, wat die voorwoord van die boek geskryf het, en sy vrou, Magdaleen, saam met die oudrektorspaar, dr Geraldine en prof Jannie de Villiers.
3. Prof Jannie (agter) by sy voorganger, prof HB Thom.
4. De Villiers (links) en sy vrou, dr Geraldine de Villiers (regs), in 1971 op Stellenbosch saam met hartpionier Chris Barnard en sy vrou Barbara. Proff Jannie en Chris was saam op laer skool en later op Ikeys. Soos haar man, is dr Geraldine de Villiers ook 'n dokter. Sy het uit haar pad gegaan om die goeie beeld van die Universiteit uit te dra. Die Universiteit het haar bekwaamheid as spreker benut en sy was dikwels in aanvraag om by Oudmatie-saamtrekke op te tree. Die De Villiers, wat saam op Ikeys gestudeer het, is reeds 52 jaar getroud en het vyf kinders. Twee van hul kleinseuns, albei JN de Villiers, naamgenote van hul oupa, is huidige Maties.
5. Dok Craven word deur Prof Jannie geluk gewens nadat hy bekend gemaak het dat die nuwe rugbystadion op Coetzenburg die Danie Craven-stadion sal heet. Volgens prof Bun Booyens, afgetrede stigter-hoof van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis en lewenslid van die Rugbyklub, was daar 'n spontale vriendskap en samewerking tussen De Villiers en Craven. De Villiers was die stukrag agter die oprigting van die Craven-stadion, en was "deurentyd in gesprek met die rugbymense om die rugbysenarior suid van die Eersterivier te bevorder." In sy rektorstermyn het Matierugby 'n glansryke era van opbloeie en prestasie beleef. Dit was ook glansjare van veral atletiek, maar van die meeste ander sportsoorte op die kampus. "As sportman van kindsbeen af was sy belangstelling in en meelewing met jong-menssport... deurentyd eg en kundig," sê Booyens.
6. Saam met (links) Etienne de Villiers en Dene Smuts, 1970-'71 se voorsitter en ondervoorsitter van die Studenteraad.

'Hy was bereid om na almal te luister, altyd versoenend op te tree maar ook sonder huiwering sterk leiding te gee wanneer dit nodig was. Hy was 'n planmaker en bereid om 'n nuwe koers in te slaan, met 'n kenmerkende eie styl.'

de Villiers later rektor was.

Dié geboorte het bygedra tot De Villiers se besluit om in ginekologie en verloskunde te spesialiseer. Hy het 'n praktyk in Bellville gehad toe hy in 1957 aan die Universiteit begin werk het. Dit was pioniersjare by Geneeskunde. Daar was byvoorbeeld nie Afrikaanse geneeskunde-woordboeke nie. Om te sorg dat die studente die Afrikaanse terminologie leer, het De Villiers volledige getikte notas in Afrikaans aan die einde van elke lesing beskikbaar gestel sodat hy sy lesings (sonder haas) in geselstrant kon lewer.

As uitnemende akademikus en navorser was hy 'n rolmodel vir studente. "Sy gesdrif was aansteeklik. Hy het waarskynlik 'n rol gespeel in talle studente se besluit om later in verloskunde en ginekologie te spesialiseer," skryf prof Hein Odendaal, huidige hoof van dié departement in die boek oor De Villiers. Van dié oudstudente het departementshoofde geword by die voorste ginekologiedepartemente in die land: Stellenbosch, Kaapstad, Pretoria en Bloemfontein.

Oor De Villiers se navorsing skryf Odendaal: "Ná byna 50 jaar bly die onderwerpe waaroor (hy) navorsing gedoen het nog net so relevant. Dit wys op die insig wat hy gehad het om belangrike kliniese probleme te identifiseer."

De Villiers was slegs 47 jaar oud toe hy in Januarie oorgeneem het by prof HB

Thom, wat 16 jaar rektor was en 'n imposante mens asook invloedryke figuur in die universiteitswese. De Villiers se bestuurstyl was van meet af aan pragmaties en versigtig, maar ook ferm en doelgerig, skryf prof Mike de Vries, wat as viserektor sam met De Villiers gewerk het en later sy opvolger as rektor was, in die boek. "Hy was bereid om te luister en sy besluite was altyd wel oorwoë. Sy vlymskerp intellek, treffende sjarme en besondere oordeelsvermoë was 'n groot voordeel vir die Universiteit en het wyd indruk gemaak, veral ook by donateurs."

In dié tyd van studente-onluste in Europa het De Villiers die belangrikheid van nouer dialoog met studente besef gereeld en openhartig met die studenteraad in sy kantoor gesels; en deur 'n studente-oorlegkomitee groter studente-inspraak in die Universiteitsbestuur verleen.

De Vries sê die belangrikste hoogtepunt van De Villiers se rektorskap was die Universiteitsraad se geskiedkundige besluit in Junie 1977 om die US vir alle bevolkingsgroepe se studente oop te stel – die eerste Afrikaanse universiteit wat dit gedoen het. Dit "het rimpelings in talle kringe veroorsaak, maar in die geheel was dit vir die Stellenbosch se nasionale en internasionale aansien 'n geweldige hupstoot."

Prof Jannie "was 'n baie suksesvolle rektor, onder andere omdat hy 'n natuur-

like leier was. Ek het baie dae die indruk gekry dat hy enigiets kon doen, dat hy van enigiets 'n sukses sou maak," skryf prof Wynand Mouton, wat 'n dekaan en die US se eerste viserektor in De Villiers se tyd was en later as rektor by die

UOVS afgetree het. "By sy bekwaamheid moet sy menslikheid, sy geduld en sy vriendelikheid gevoeg word. Ek kan my nie herinner dat ek hom ooit kwaad gesien het nie. Hy was bereid om na almal te luister; altyd versoenend op te tree maar ook sonder huiwering sterk leiding te gee wanneer dit nodig was. Hy was 'n planmaker en bereid om 'n nuwe koers in te slaan, met 'n kenmerkende eie styl."

Onder die veranderinge wat hy ingebring het, was kursusse om die doserende personeel beter vir hul onderrigtaak toe te rus; die instelling van semesterkursusse met 'n nuwe promosiestelsel en hoër slaagvereistes; die verdere uitbou van navorsing deur onder meer 'n ontwikkelingsfonds te stig; die instelling van die tandheelkundefakulteit; die moeilike proses van uitlewing van die landbouwetenskapfakulteit uit die staatsdiens; en die instelling van 'n afdeling Fisiese Beplanning wat die US se geweldige groeifase in die sewentigerjare met sukses kon bestuur.

Die studentetal het in dié jare vinnig gegroei. Onder die talle geboue wat opgerig is en die kampusaansig aansienlik hervorm het, is die geneeskunde-, inge-

In 'n tyd van studente-onluste in Europa het Prof Jannie die belangrikheid van nouer dialoog met studente beseft

nieurswese en tandheelkunde-komplekse, die huishoudkungebou, studentesentrum (Neelsie), koshuise Helshoogte asook Erica, Nemesia en Serruria en die Konservatorium. Van laasgenoemde skryf prof Richard

Behrens, destydse hoof van musiek: "Ek beskou dit nog steeds as 'n bestiering dat (dié gebou) met die Endler-konsertsaal en ander geriewe tydens die rektorskap van prof JN de Villiers beplan en gebou kon word. ... Hy het oor kennis van en liefde vir die kunste – veral musiek – beskik. Daarom kon hy aanvoel dat die oudste konservatorium in ons land oor doeltreffende geriewe moet beskik om sy belangrike taak van musiekopleiding en – beoefening op die hoogs moontlike vlak te kan voortsit."

Verder was De Villiers nou betrokke by die reuse-uitbreidings op sportgebied in daardie jare, waaronder die restourasie van die geskiedkundige Jannie Marais-huis; die sintetiese atletiekbaan en bou van die Danie Craven-rugbystadion.

Prof Jannie was in sy jeugjare 'n kranige sportman wat onder meer VVP se o.16- en o.18-tenniskampioen was, as Matie halfkleure hiervoor gekry het, as eerstejaar-Matie die SA dubbelspeltitel se medewenner was, en vir keys ses jaar eerste spanhokkie gespeel het en vyf keer volkleure daarvoor gekry het.

'n Beroemde Duitse geleerde se agterkleinkind het uit die bloute uit gebel om te vertel hoe 'n "tradisie onder 'n glaskoepel" by die Universiteit beland het

Raaisel oor beeldjie ná byna halfeeu opgeklaar

Die Berlynse akademikus Carl Ritter het die mens se invloed op die omgewing vir die eerste keer in die geografie in berekening gebring

Dis jare al 'n soort ritueel in die Departement Geografie en Omgewingstudies dat die departementshoof 'n gipsbeeld onder 'n glaskoepel van Carl Ritter, vader van die moderne geografie, in sy kantoor het.

Inligting oor waar dié beeldjie, wat in die huidige departementshoof, prof Larry Zietsman, se kantoor staan, vandaan kom, het in die verre verlede verdof. Die beeldjie was solank as almal kon onthou maar altyd daar.

Tot nou die dag toe Mattie van der Merwe van die Afdeling Korporatiewe Sake se telefoon lui. Dis mev Alison Koch van Grootbrakrivier wat skakel en sy vra: "Het die Universiteit nog die beeldjie van Carl Ritter onder die glaskoepel?"

Mattie wis natuurlik nie van die beeldjie se bestaan nie, maar sy slaan toe die draad na dr Hans Heese van die Argief en dié kontak prof Barney Bamard, gewese hoof van Geografie.

"Ja-nee," sê Bamard, "die beeldjie is nog in die departement. Dit het ook op my boekrak gestaan." Ook op sy voorgangers, proff Andries Nel en Koos Swanevelder se boekrak en op dié van prof Izak van der Merwe (wat nou dekaan van Lettere & Wysbegeerte), het dit gestaan.



En toe ontvou die volle verhaal. Mev Koch is al oor die 80 jaar oud. Sy is die agterkleinkind van Carl Ritter (1779 – 1859), grondlegger van die moderne geografie saam met Alexander von Humboldt in Berlyn. Hulle het die invloed van die mens op die omgewing die eerste keer in die geografie in berekening gebring.

In teenstelling met die geografiese klassifikasies

Larry Zietsman, Geografie en Omgewingstudies se voorster, in sy kantoor by die beeldjie van Carl Ritter.

van die 18de eeu en 'n "politieke" geografie wat net op begrensde gebiede gerig was en menslike bedrywighede uitgesluit het, het Ritter se konsep natuurstreke en die invloed van die mens daarop in ag geneem.

As deurwortelde Protestant het hy sy wetenskaplike bedrywighede gesien as in diens van die Skepper en die aarde; as deur God tot stand gebring vir die mens se opvoeding.

Carl Ritter se seun Gustav, het mev Koch vertel, was 'n Rynse sendeling wat die beeldjie saam na Suid-Afrika gebring het. Dit het later in die besit van sy seun, Paul Albert, gekom en dié was mev Koch se pa. Met sy dood in 1952 het haar ma, Azella Ritter, wat 'n Oudmatie was, die beeldjie saam met verskeie ander goed aan die Departement Geografie geskenk.

Met al die vertellery oor die telefoon aan Mattie het mev Koch 'n tert liederlik in haar oond laat verbrand, maar gelukkig weet die personeel van Geografie en Omgewingstudies nou na bykans 50 jaar wat die herkoms van die treffende beeldjie onder die glaskoepel is...

Is die Maties se beroemde rugbyklub ouer as wat tot dusver aangeneem is? **Floris van der Merwe** vertel van nuwe inligting waarop hy afgekom het.

Matie-rugby is eintlik al 125 jaar oud

Dr Danie Craven het dié klub se ouderdom bepaal volgens 'n 1880-spanfoto. 'n Koerantberig van 1875 dui egter daarop dat die klub beslis vyf jaar ouer is

Min rugbyklubs ter wêreld kan spog met 'n rekord soos die Maties s'n. Daar is selfs min Suid-Afrikaanse unies wat dié klub se prestasies kan ewenaar. So het die klub-president, die legendariese Oud-Springbok Jannie Engelbrecht, onlangs by die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub (soos dit amptelik heet) se jaarvergadering gesê.

Met die 2000-toer na Suid-Amerika en Groot-Brittanje is die 157ste Springbok uit dié klub gekies. Daarby het die Maties 15 Springbokkapteins opgelewer; en 12 Sewes-Springbokke van wie drie kapteins was.

Dié prestasies is tot onlangs toe nog gemeet aan die 120-jarige bestaan van die klub. Dr Danie Craven het die klub se ouderdom bepaal volgens die oudste spanfoto wat opgespoor kon word, naamlik 1880. Nou dui nuwe inligting egter daarop dat die klub inderdaad vyf jaar ouer is, vanjaar sy 125ste verjaardag kon vier en dus pas sy 126ste seisoen beleef het.

Hierdie berig uit die *Cape Town Daily News* (Saterdag, 21 Augustus 1875, p.3) bewys dat die klub al in 1875 gestig is:

"New Club praised for taking-on Civil Service team"

"A foot-ball match will be played, between the Civil Service and Stellenbosch, to-day at Stellenbosch. This being the first match of the kind played we cannot of course give any opinion on it, but, judging from some of the Stellenbosch players we have from time to time

come in contact with in other matches, we think we may venture to say that the Civil Service will have to encounter a tough lot. We must also give the Stellenbosch Foot-ball Club every praise for their pluck, by challenging, in their infancy, a Club of so long standing as the Civil Service Club..."

Die woorde "new club" en "infancy" dui daarop dat die "Stellenbosch Foot-ball Club" in daardie seisoen gestig is. Ongelukkig is net die Civil Service-spelers se name genoem. Die berig het ook gemeld dat die Civil Service Club lankal bestaan het. Dié klub was natuurlik nie 'n voetbalklub nie, maar was bedoel om die stadspies met gesonde vermaak besig te hou.

Omdat die Hamilton Rugby Football Club in Maart 1875 gestig is en die Western Province Club (31 Mei) en Villager Rugby Football Club (2 Junie) albei in 1876, maak dit die Matie-klub die tweede oudste in die Kaap. Villager-ondersteuners wil natuurlik dat hul klub ook in 1875 gestig is, maar die feite (indien korrek) spreek anders.

Voetbal is al lank voor 1875 op Stellenbosch gespeel. Dit word beweer dat dit "teen 1870 al druk gespeel" is. Volgens die *Cape Argus* van 27 April 1875 het 'n skoolseun selfs die landdros aangerand toe laasgenoemde hul gebruiklike voetbalwedstryd op die Braak wou stopsit.



Die oudste spanfoto wat van die Stellenbosse klub opgespoor kon word, geneem in 1880, waarvolgens aangeneem is dat die klub toe gestig is.

Die oorsprong van die spel word tans aan kanunnik George Ogilvie gekoppel. Hy het onmiddellik ná sy aanstelling by Biskoppe in 1861 'n voetbalspel aan sy leerlinge geleer. Ogilvie, of Gog soos sy leerlinge hom gedoop het (afgelei van die eerste drie prominente letters in sy handtekening), is op 30 Junie 1826 in Colne, Wiltshire in Engeland, gebore. Hy het op 1 Mei 1915, op 89-jarige ouderdom, in Rondebosch te sterwe gekom. In Engeland het hy aan Oxford gestudeer en 'n onderwyspos aan die Bradfield College beklee. Van 1855 tot 1858 was hy in Buenos Aires voordat hy die eerste hoof van die "St. George's Grammar School" in Kaapstad geword. In 1861 het hy hoof van die "Diocesan Collegiate School" geword, wat sedert 1867 as die Diocesan College

("Bishops") bekend staan.

Die opvatting dat George Ogilvie rugby na die Kaap gebring het, verdraai egter die ware stand van sake. "When Canon Ogilvie came to Bishops he found that soccer was the winter sport. The game he himself played was different. This game he introduced at Woodlands, where the boys called it 'Gog's football'. It was... a combination of the game as played... at Winchester, Eton and Harrow. It was first played at St. Andrew's College, Bradfield, and thence transplanted to the Diocesan College." Kanunnik H.E. Morris, 'n vriend van Ogilvie, het dié inligting in dié skool se 50-jarige gedenkblad bekend gemaak. Indien die gegewens korrek is, was "Gog se spel" die Bradfieldspel (wat 'n kombinasie van die Winchester-, Eton- en

Harrowspel was) en nie die suiwer Winchesterspel soos beweer word nie.

Selfs in Montague Shearman se gesaghebbende werk oor die geskiedenis van voetbal word spyt uitgespreek dat wanneer seuns die Winchester-skool verlaat het, hulle ook die Winchesterspel agtergelaat het. Dit wys dus daarop dat hierdie spel se gewildheid nie ver buite die skoolgrense gestrek het nie. In Suid-Afrika was daar tot op datum 'n napratery en naskryfery sodat die Winchesterspel algemeen aanvaar word as dié een wat die Rugby-spel voorafgegaan het.

Die spel het oorwegend aan die dra-van-die-bal-groep ("carrying code") behoort. Mits Ogilvie voetbal aan die Kaap bekend gestel het, het dit vinnig posgevat. Op Saterdag 23 Augustus 1862 om 15.00 was daar 'n uitdaagwedstryd tussen 'n militêre span en 'n burgerlike span op die Groenpuntse Meent.

Voetbal aan die Kaap is dus al sedert 1862 gespeel, maar dit wil voorkom asof dit onder die reëls van die verskillende kodes van die privaatskole in Engeland gebuk gegaan het. In 1873 is standaardreëls in die *Standard and Mail* van 7 Junie (p.2) gepubliseer.

Daar bestaan ook geen sekerheid oor presies wanneer rugby aan die Kaap posgevat het nie. Difford noem 1875 sowel as 1876 as die datum waarop die Rugby-spel die "Winchester-spel" vervang het.

Die Kaapse koerante van 1876 verwys al na "Rugby rules" en na "Afrikaners taking to this English game". Op 18 Julie 1876 het die *Cape Town Daily News* (p.3) verwys na die Western Province Club wat die reëls, soos gepubliseer deur die Rugby Union Committee, aangeneem het. Hulle het op 15 Julie teen Villagers

Die spel wat op 21 Augustus 1875 op Stellenbosch gespeel is, kon dus al baie na aan rugby gelyk het

gespeel en die "game played was unlike that usually seen at the Cape..." Die Rugby Football Union is terloops in 1871 in Brittanje gestig.

Die *Cape Town Daily News* van 18 Julie 1876 het soos volg oor rugby berig: "we fancy the new game will hardly prove a very popular one at the Cape".

Die *Cape Argus* van Saterdag, 13 Julie 1878 [p.2] het die volgende oor die wedstryd tussen die "Volunteer Artillery" en die "Rifle Volunteers" op Groenpunt te sê gehad: "...lead one to expect some good play, especially as the Rugby Union rules will be observed".

Dit wil dus voorkom asof rugby iewers tussen 1875 en 1878 posgevat en "Gog se spel" verdring het. In 1878 het Hamiltons na rugby oorgeslaan en in die daaropvolgende jaar het Villagers hul voorbeeld gevolg. Dit word aan die invloed van W.M. (later Sir William) Milton toegeskryf. Milton was 'n Engelse internasionale rugbyspeler en in 1878 het hy, na verneem word, die genoemde klubs oorreëde om die rugbyreëls (met blywende gevolge) op die proef te stel. Skole soos "Sacs" en "Bishops" het die daaropvolgende vyf jaar nog by hul eie spel gehou.

Die spel wat op 21 Augustus 1875 op Stellenbosch gespeel is, kon dus al baie na aan rugby gelyk het. Die belangrikste feit hier is egter dat die Stellenbosch Voetbalklub in daardie jaar gestig is. Dit blyk dieselfde klub te wees wat mettertyd die rugbyreëls aanvaar het en wie se "oudste" spanfoto uit 1880 dateer. As daar met dié argument saamgestem word (en dit is nie noodwendig die einde daarvan nie), beteken dit dat die klub nou reeds 125 jaar oud is.

● Dr Floris van der Merwe is 'n US-dosent in Sportwetenskap en 'n bekende sportgeskiedskrywer.

'n Nuwe boek deur 'n dekades-lange vertroueling van Danie Craven word ten bate van Matie-rugby verkoop

Wat was die kap agter Dok se byl?

Hy kon 'n fortuin uit beroepsrugby gemaak het – as hy wou! Maar in hart en niere was hy 'n rugby-amateur...

Was Dok Craven 'n despoot, 'n outokraat? Wat het hom gedryf? Wat het hom gemaak?

Danie Craven, eertydse professor in menslike bewegingskunde (voorheen liggaamlike opvoedkunde) en latere hoof van sport aan die Universiteit, word gereken as die grootste rugby-persoonlikheid wat Suid-Afrika in die afgelope eeu opgelewer het.

Dok Craven: Agter die kap van die byl is 'n boek wat pas verskyn het, deur Oudmatie George Gerber, 'n afgetrede sportskrywer wat vier dekades lank Craven se vertroueling was.

Craven is baie gekritiseer: Party mense het nie van hom gehou nie – gewoonlik hulle wat hom nie geken het nie, sê Gerber. "Aan die ander kant was daar baie mense wat Craven bewonder het... dié wat hom geken het."

Gerber se boek is vol onthullings: Hoe Dok die keurders uitorlê het om 'n bekende Matie in die Springbokspan te kry. Hoe sy gunsteling Matie-speler uit die Bokspan gegooi is omdat hy hom met die keurders ingemeng het.

Hoekom het Danie Craven as briljante jong

Matie-speler in die vroeë dertigerjare byna lkeys toe oorgeloop? Wie's die enigste speler vir wie selfs Dok niks van rugby kon leer nie? Dok se keuse om hom as Suid-Afrika se rugbybaas op te volg?

Gerber vertel ook van Dok se liefdes, spyt, skaam, kwaad, hartseer, vrese en wysheide.

Dok kon 'n fortuin uit beroepsrugby gemaak het – as hy wou! In hart en niere was hy 'n rugby-amateur wat in vandag se beroeps-rugbywêreld totaal verlore sou wees. Tog was hy een van die eerstes wat erken het dat rugby na professionalisme beweeg.

Gerber, wat ná Craven se dood in 1993



aan die boek begin werk het, skenk al die inkomste daaruit aan die Maties se rugbyklub. Die George Gerber Trustfonds gaan vir belowende rugbyspelers van die klub gebruik word. Naas Sanlam as hoofborg het 'n vyftigtal ondersteuners van Matie-rugby die boek se verskyning moontlik gemaak.

Dié werk is 'n "nalatenskap – 'n stukkie Matie Africana – van ons geliefde Dok Craven," sê Jannie Engelbrecht, president van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub.

● Dok Craven: Agter die kap van die byl is teen R100 beskikbaar by die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub, Privaat Sak XI, Matieland, 7602; tel. (021) 808-4642, faks (021) 808-4897, e-pos jjjp@maties.sun.ac.za

Drie Oudmaties is onder die ses nuutste ontvangers van eredoktorsgrade aan die Universiteit

Naudé en vyf ander ontvang eregrade



Links: Prof Walter Kamba ontvang sy eregraad van die kanselier, prof Elize Botha.
Bo: Prof Flip Smit en dr Beyers Naudé.

'n Zimbabwiese regsgeleerde, 'n Skotse medikus en 'n Suid-Afrikaanse persbaas is ook onder die vereerdes

Oudmaties dr Beyers Naudé, internasionaal bekende kerkman, en prof Flip Smit, gewese visekanselier en rektor van die Universiteit Pretoria, het in Desember Stellenbosse eredoktorsgrade ontvang.

'n Zimbabwiese regsgeleerde, prof Walter Kamba, is op dieselfde plegtigheid so vereer.

In Maart gaan die Universiteit eredoktorsgrade toeken aan gevierde Afrikaanse skryfster Elsa Joubert ('n Oudmatie), Ton Vosloo, 'n bekende in die SA perswese, en lord Naren Patel, 'n Skotse ginekoloog en edelman.

Kamba, wat van 1994 tot verlede jaar hoogleeraar in regsgeleerdheid aan die Universiteit van

Namibië was, het die graad Doktor in die Regsgeleerdheid (LLD), honoris causa ontvang. Hy het BA en LLB aan Ikeys verwerf en die graad LLM aan Yale Universiteit in die VSA.

Voordat hy na die Universiteit van Namibië is, het hy verskeie akademiese poste beklee. Hy is 'n erkende leiersfiguur in Suider-Afrika "wat 'n groot deel van sy lewe gewy het aan die taak om akademiese instellings in dié deel van die wêreld te vestig."

Naudé, wat met 'n doktorsgraad in die teologie vereer is, het ook onlangs die prestige toekenning vir 2000 van die Universiteit se Klub van Oudstudenteraadsvoorsitters ontvang (berig op bl 19)

Hy word in die aanbevelingsverslag beskryf as

"nasionaal en internasionaal een van die mees gerespekteerde, mees vereerde en mees invloedrykste kerklike leiersfigure wat die US nog opgelewer het."

Verskeie universiteite dwarsoor die wêreld, insluitende die Vrije Universiteit van Amsterdam, Notre Dame, Limburg, Wits, Natal en Durban-Westville het reeds 'n eregraad aan hom verleen. Onder die talle toekennings wat hy ontvang het, is die Bruno Kreisky Prys (1972), die Franklin D Roosevelt Vredesprys (1984), die Robert F Kennedy Menseregteprys (1985) en die Orde van Oranje-Nassau van Nederland (1995).

Smit, gewese visekanselier en rektor van die Universiteit Pretoria en visepresident van die RGN, word die graad Doktor in die Wysbegeerte (DPhil), honoris causa, verleen. Hy het die grade BA, HonsBA en MA op Stellenbosch verwerf en was twee jaar lank hier dosent in geografie.

Smit was slegs 36 toe hy die SA Akademie se prys vir Geografie ontvang het. Van 1980 tot '86 was hy visepresident van die RGN, daarna viserektor asook visekanselier en rektor van die UP. In 1983 en '98 was hy ereprofessor op Stellenbosch.

Hy is vereer "as sosiaal-wetenskaplike wie se werk

van Suid-Afrika 'n beter land gemaak het en as een van daardie uitsonderlikste van alle universiteitspersoonlikhede: die voortrefflike dosent wat terselfdertyd voortrefflike navorser, skrywer en bestuurder is."

Joubert wat die graad BA in 1942 op Stellenbosch verwerf het, ontvang die graad Doktor in die Lettere (DLitt), honoris causa. Sy is ongetwyfeld een van SA se bekendste en mees bekroonde skrywers en dit is veral vir haar romans wat sy binne en buite die Afrikaanse letterkunde groot onderskeiding verwerf het. Vir Die Swerfjare van Poppie Nongena (1978) het sy die WA Hofmeyr prys, die Louis Luyt prys en die CNA prys ontvang en die British Royal Society het haar met die Winifred Holtby prys vereer.

Sy het die boek self in Engels vertaal (*The Long Journey of Poppie Nongena*) en dit is daarna ook in 13 ander tale vertaal, onder meer Frans, Duits, Nederlands, Hebreeus en Spaans. Dié boek het 'n diepgaande invloed op duisende Suid-Afrikaners gehad en hulle bewus gemaak van die uitwerking van die apartheidsstelsel.

Haar roman *Die reise van Isobelle* (1995) is met die Hertzog prys bekroon. Sy word vereer vir haar "uitsonderlike bydrae tot die Afrikaanse letterkunde en die ingrypende invloed van haar werk op die SA samelewing."

Patel, wat in Tanzanië gebore en in Skotland grootgeword en gestudeer het (MB,ChB aan die Universiteit van St Andrews, 1964) word met die graad Doktor in die Geneeskunde (MD), honoris causa, vereer.

Hy is sedert 1970 lid en sedert 1988 genoot van die Royal College of Obstetricians and Gynaecologists. In die aanbevelingsverslag word gemeld dat dit gepas is dat die Universiteit Stellenbosch hom met 'n eredoktorsgraad vereer om sodoende erkenning te verleen aan die belangrike rol wat hy op verskeie maniere speel om die gezondheidstoestand van moeder en fetus te bevorder.

Die graad Doktor in die Handelwetenskappe (DComm), honoris causa, word aan **Vosloo** verleen. Hy het groot prestasies as joernalis en sakeleier behaal. Hy was redakteur van Beeld en was 47 toe hy Naspers se besturende direkteur geword het.

In die aanbevelingsverslag word gemeld dat hy 'n besonder veelsydige en talentvolle mens is. As voorsitter van Naspers – eers uitvoerend en later nie-uitvoerend – en as stigter-voorsitter van die M-groep van maatskappye, het hy tot 'n invloedryke figuur in die SA perswese en sakewêreld uitgestyg. Wat sy welslae as sakeman so merkwaardig maak, is dat hy geen formele finansiële of ekonomiese opleiding gehad het nie.

Oudvoorsitters gee gesogte toekenning vir kerkleier

Die Universiteit se Klub van Oudstudente-raadvorsitters het die internasionaal bekende kerkman dr Beyers Naudé met 'n goue erepenning en 'n oorkonde vereer.

Die toekenning is vanjaar die tiende keer gedoen en die oorhandiging was op die klub se 17de jaarvergadering in November. Naudé, wat in 1937 die Maties se SR-voorsitter was, is 85 jaar oud en kon weens swak gesondheid nie teenwoordig wees nie. Hy was wel in Desember op Stellenbosch toe die Universiteit 'n eredoktorsgraad aan hom verleen het (berig op bl. ??).

Hy en sy vrou, Ilse, woon in Northcliff, Johannesburg. Hul dogter, Liesel Naudé van Kaapstad, wat soos haar pa en ma ook 'n Oudmatie is, het die toekenning namens hom in ontvangs geneem.

Naudé was in sy studentedae op Maties ook Wilgenhof se primarius en voorsitter van die Bergen Toerklub (BTK). Hy is die Maties se oudste gewese SR-voorsitter. Dok Craven en prof Philip McLachlan was onder Naudé se studentetydgenote



© Colin Elliott

Liesel Naudé (links) het die Klub van SR-oudvoorsitters se toekenning namens haar pa van klubvoorsitter Danie du Toit ontvang. By hulle is die kanselier, prof Elize Botha.

destyds op Stellenbosch. Hy is erepresident van die Klub van Oudstudente-raadvorsitters.

Die klub bestaan reeds 17 jaar en het 54 lede. Die voorsitter, sedert die klub gestig is, is prof Danie du Toit van die Kweekskool wat in 1965 SR-voorsitter was.

Belgiërs het hoë dunk van Stellenbosser

Eer het in 'n dubbele dosis oor prof Johann Cook, 'n dosent in antieke studie, se pad gekom.

Hy is genooi om in 2001 by die Katholieke Universiteit van Leuven (KUL) in België klas te gee en navorsing te doen en het 'n gesogte navorsingsbeurs ("fellowship") van die KUL ontvang.

Cook neem die klasse waar en sit – naas sy eie – ook die navorsing voort van prof Marc Vervenne, wat dekaan van teologie was en onlangs die KUL se



viserektor (humane en sosiale wetenskappe) geword het.

Enersyds werk Cook dus aan 'n nuwe boek oor die wet en wysheid in die sg. tussen-testamentêre tydperk (ongeveer 330 vC tot 135 nC) en aan die ander kant behartig hy Vervenne se klasse.

Voor sy vertrek België toe het hy in die VSA by die internasionale organisasie vir "Septuagint and Cognate Studies" se jaarkongres in Nashville, Tennessee, 'n referaat voorgedra en ook lesings op verskeie plekke in Kanada aangebied.

Viserektor kry oorkonde en erekleure

Prof Walter Claassen, viserektor (navorsing), is vereer deur die Hoërskool Oudtshoorn waar hy in sy matriekjaar, 1964, die duxleerder was.

Hy het 'n oorkonde en erekleure by die skool se jaarlikse afsluitingsfunksie ontvang, waar hy ook die geleentheidspreker was en die oorhandiging van die pryse en toekennings waargeneem het.

Dit is die tweede keer dat die skool (wie se leerlinge as Struisies bekend is) so 'n toekenning doen.



Die skool het in 1963 uit die dorp se vroeëre hoër seuns- en hoër meisieskool ontwikkel.

Internetgebruikers verdubbel elke jaar. Binne vyf jaar kan e-handel 'n kwart van alle sake-transaksies uitmaak. **Johannes Jordaan** gee raad aan die 'ongeletterdes' en ander leergieriges

Rekenaars?

Dis maklik en pret

én jou lewe verander beslis ten goede!

As middeljarige sakeman en skrywer het ek altyd my skryfwerk in 'n masjien gedikteer. Dit is dan getik vir redigering met die hand – 'n tydrovende proses.

Ongeveer drie jaar gelede het 'n sakevennoot wat deelyds in Australië woon vir my e-posse in plaas van fakse begin stuur; want faks-kommunikasie, veral internasionaal, is stadiger en duurder.

Ek ontdek toe dat e-pos vinniger en goedkoper as fakse is – en makliker, want jy kan dadelik op die dokument begin werk sonder om dit eers te hertik.

Boonop stuur jy e-posse (selfs met kleurfoto's) gelyktydig vir 'n klomp mense, en liasseer jy dit ook elektronies om dit later weer maklik te kry. Met 'n skootrekenaar kan jy ook e-posse vanaf enige plek aflaai en stuur.

Ek was so beïndruk dat ek gou self 'n persoonlike rekenaar wou leer gebruik. Met my rekenaar kan ek nou as 't ware my kantoor saamneem as ek op reis gaan, of met vakansie by my strandhuis op Onrus is. Ek kan ook by kliënte demonstrasies daarmee doen.

Nadat ek op 'n skootrekenaar besluit het, het 'n simpatieke rekenaarhandelaar my gemaak om nie 'n duur rekenaar met onnodige kapasiteit te koop nie.

Met my vingers op my eie sleutelbord, het nog 'n vraag opgeduik: hoe word ek maklik (en goedkoop) rekenaargeletterd?

Rekenaarklasse is duur en ongerieflik. Ek kon geen eenvoudige Afrikaanse handleidings opspoor nie en het moeisam geleer uit die gedetailleerde boeke wat toe beskikbaar was. 'n Vriend, Johan van Lill, wat toe 'n onderwyser in rekenaargeletterdheid was, het my verder touwys gemaak.

Ons het albei opgemerk dat daar onder rekenaar-beginners 'n groot behoefte is aan

gebruikersvriendelike en maklik verstaanbare selfstudie handleidings – waarmee enigeen wat rekenaargeletterd wil word, in jou eie tyd en waar jy wil, rekenaarvaardig kan word.

So besluit ons toe om 'n stel Afrikaanse beginnershandleidings te ontwikkel: in Rekenaargeletterdheid, Windows 95/98, Internet en e-pos in Outlook Express, Woordverwerking in MS Word, en Sigblaai in MS Excel. Die eerste uitgawe was gou gereed, en binne twee maande uitverkoop!

Dié reeks is nou al in sy derde uitgawe, en word gebruik deur jong mense, middeljariges en selfs afgetredenes wat die opwinding van die rekenaar wil geniet. Dit is ook in Engels beskikbaar en word nou in seSotho, isiZulu en isiXhosa vertaal.

Nou kan ek my skaars indink hoe ek sonder my nuwe metgesel, my skootrekenaar, kon klaarkom. My dokumente raak immers nie meer weg nie. Ek bespreek my vlugkaartjies, verblyfplekke, en selfs flik- en teaterkaartjies, alles op die internet. Die Labia teater; byvoorbeeld, e-pos elke maand filmresensies, sodat ek vooraf kan kies watter films ek wil gaan sien.

Ek kommunikeer wêreldwyd – maklik én goedkoop – per e-pos met my vriende. Die e-posse word alfabeties (of chronologies) geliasseer.

As kollegas insette van my op hul dokumente verlang, doen ek dit in 'n japtrap sommer in die dokument, in vetdruk of in 'n ander kleur; en e-pos dit dadelik terug.

Ek adverteer my strandhuis met 'n webtuiste, en e-pos foto's daarvan aan huurders wat navraag doen.

E-pos bevorder wonderlike spanwerk en sinergie in die werkplek. Dit hou almal by die werk in die prentjie met alles wat in die onderneming gebeur. Nuwe idees word deur sinergie gebore en uitgebou – 'n tegniek wat enige onderneming kan benut. Die spanlede hoef nie eens in dieselfde dorp (of selfs land) te wees nie!

Ek kan my skaars indink hoe ek sonder my nuwe metgesel, my skootrekenaar, kon klaarkom

Vyf wenke uit my persoonlike ervaring met rekenaars:

- Koop 'n rekenaar wat opgradeerbaar is. Rekenaars verbeter teen 'n verbysterende tempo en 'n mens wil graag bybly.
- As jou tikspoed baie stadig is, oorweeg gerus 'n stemherkenningsprogram. Daardeur kan jy teks vinniger – tot 70 woorde per minuut – direk in jou rekenaar inlees. Dit is ongelukkig net in Engels beskikbaar.
- Leer alle kortpaaie om tyd te bespaar – iets waaaraan goeie handleidings baie aandag gee.
- As jou modem nie wil werk nie, skakel die rekenaar af, wag 'n paar minute, en skakel dit weer aan.
- Maak vriende met ander rekenaargebruikers – mense wat rekenaars ken, help graag nuwelinge.

Wat die toekoms betref, gaan internetgebruikers waarskynlik in die volgende twee of drie jaar elke jaar verdubbel. In Suid-Afrika is daar na raming sowat 1,2 miljoen

E-pos bevorder wonderlike spanwerk. Almal bly in die prentjie. En die spanlede hoef nie eens in dieselfde dorp (of land!) te wees nie

tuisgebruikers en sowat 800 000 wat by hul werk toegang tot die internet het.

Jy kan nou ook deur jou selfoon toegang tot die internet verkry. Boonop verbeter die spoed en gehalte hiervan steeds.

Verder gaan die sogenaamde WAP stelsel, e-handel via die internet, waarskynlik eksponensieel toeneem. Oor vyf jaar kan 'n kwart van alle aankope by wyse van e-handel geskied. Wat 'n merkwaardige vooruitsig!

Ten slotte: As jy nog nie rekenaargeletterd is nie, pleit ek dat jy nou die rekenaar bemeester. Dis maklik, dis pret, en dit sal sekerlik jou lewe verander. Ten goede, soos ek dit ervaar het.

Johannes Jordaan (finsoft@iafrica.com of selnr. 083 325 1750) is 'n Stellenbosse Oudmatie, sakeman en skrywer wat onder meer by die opstel van handleidings oor rekenaar-geletterdheid betrokke is.

RAAK REKENAARVAARDIG TUIS

Spesiale Aanbod

Gou, gemaklik en goedkoop!

Also available in English

Bemeester die rekenaar in 'n japtrap met hierdie gebruikersvriendelike self-studie gidse in die gerief van jou eie huis of kantoor!



Rekenaarvaardigheid maak 'n nuwe wêreld vir jou oop. Dit het 'n **moet** vir almal geword.

Voordele

Kommunikeer per e-pos – dit is goedkoper en makliker. Skep, redigeer, druk, lasseer en vind dokumente maklik. Hou self rekord van jou administrasie met die nuttigste programme. Doen jou banksake, e-handel en besprekings op die internet, en veel meer.

Leer sonder moeite

Geen voorafkennis is nodig nie. Leer dié prosedures in genommerde sstappe op skerm afbeeldings. Slaan maklik na wat jy vergeet.

Spaar tyd en geld

Hiermee is duur opleidingseminare onnodig.

Die pakket bestaan uit weë aparte stelle...

STEL 1

Inleiding tot Rekenaargeletterdheid

– wenke by die aankoop van rekenaars, basiese rekenaarfunksies, voordele, ens...

Inleiding tot Windows 95 en 98

– Laai en gebruik van programme, skep, redigeer en stoor van dokumente.

Inleiding tot E-pos en die Internet

– Hoe om die Internet en e-pos te gebruik.

STEL 2

Inleiding tot Woordverwerking in MS Word 97/2000

– Paragrafe, "bullets", lettertipes, kleure en bladsyuitleg, skep van briefhoofde, pamflette, ens...

Inleiding tot Sigblaai met Excel 97/2000

– Kontantvloeï, boekhouding, tabelle, kolomme, selle, grafiese voorstellings, ens...

WAARDE VIR GELD!

Prys per stel:

R310 (R285 + R25 posgeld)

per stel: GRATIS

Tikhandleiding ingesluit.

Prys vir beide stelle saam:

(R495 + R25 posgeld) = R520

Bestel nou!

Mari Marais

Tel/Faks: 021 880 0721

Sel: 082 927 3248

E-pos: finsoft@iafrica.com

Die geweldige groei in die afgelope 75 jaar dui op die belangrike rol van universiteitsopleiding in die ekonomiese en bestuurswetenskappe

Grootste fakulteit het beskeie begin

Heloïse Davis skryf oor Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wat 'onder die bestes wil wees en waar ons dit reeds is, dit wil bly'

Op voordracht van den Senaat heeft de Raad besloten tot de daarstelling van een Fakulteit Handel.

Dié woorde het die Fakulteit Handel en Administrasie in 1925 amptelik as selfstandige fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel. En vanjaar het hy mylpaal 75 bereik.

Die geboorte was beskeie – 'n skamele 15 studente in 1925. Die groei was egter snel: 96 in 1942, 282 in 1945 en 75 jaar later in die jaar 2000, het die Fakulteit Handel en Administrasie – nou bekend as die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe – se studentetal gegroei tot 3 455 voorgraadse- en 1 355 nagraadse studente. Die fakulteit is reeds etlike jare die grootste aan die Universiteit.

Die fakulteit se stigters het 'n sosiaal-politieke missie vir Afrikaanssprekendes in die SA ekonomie gehad, maar deesdae is die studente lank reeds nie meer net Afrikaanssprekend nie en die afgestudeerdes se invloed strek wêreldwyd

Prof CGW (Christie) Schumann is in 1936 as die eerste heeltydse dekaan aangestel. Sedertdien het proff Danie Schumann, Izak van Biljon en Blackie Swart as dekaan gedien. Die huidige dekaan is prof Johan Matthee.

Die geweldige groei die afgelope 75 jaar is 'n aanduiding van die belangrike rol wat universiteitsopleiding in die handelswetenskappe speel en hoewel

skoolonderwys tans in 'n enorme krisis verkeer – net 13 uit elke 100 matrikulante toon 'n slaagsyfer in wiskunde in matriek en die aantal wat wiskunde op hoër graad aanbied, het van 1999 tot 2000 met 20% gedaal – is daar 'n steeds stygende en sterk toevloei van briljante studente.

Die fakulteit het sy 75ste bestaansjaar luisterryk gevier, onder meer met 'n feesdinee in die Stellenbosse stadsaal wat deur sowat 450 gaste bygewoon is. Van Suid-Afrika se voorste sakeleiers, bekende oudakademici en huidige personeel was teenwoordig. Die geleentheidspreker was die bekende sakeman, mnr Johann Rupert.

Die dekaan, prof Johan Matthee, het in sy toespraak geskets hoe die stigters van die fakulteit 'n sosiaal-politieke missie gehad het, naamlik die voorbereiding van Afrikaanssprekende studente met die oog op die vestiging van Afrikaans-eie ondernemings en 'n rol vir Afrikaanssprekendes in die SA ekonomie, wat in daardie stadium min of geen was nie. "Maar", het hy bygevoeg, "ons studente is lank reeds nie meer net Afrikaanssprekend nie en die invloed van ons graduandi strek wêreldwyd."

Hy het ook verduidelik dat die fakulteit nie alles vir almal kan wees nie.

"Ons kan nie gelyktydig laerskool/hoërskool/teknikon en sentrum vir uitnemendheid wees nie. Ons kan nie die Harvard of Oxford van Afrika probeer wees en dan ons beperkte tyd en bronne bestee aan oefeninge om politieke en sosiaal korrekte geluide te maak nie. Daar is 'n behoefte en 'n plek in Suid-Afrika vir instansies wat opleiding op ander vlakke aanbied en ons wil hulle graag verseker van ons steun. Maar ons glo dat ons, ons land, ons gemeenskap en as fakulteit, die sakegemeenskap die beste kan dien as sentrum van uitnemendheid. Ons wil onder die bestes wees en waar ons dit reeds is,



Heel bo: Oudprofessore Sampie Terreblanche, Daantjie Franszen en Jan Sadie by die feesdinee in die Stellenbosse stadsaal waar sowat 450 gaste die fakulteit se 75ste bestaansjaar luisterryk gevier het. Die geleentheidspreker was sakeleier Johann Rupert.

Middel: Derdejaarstudente in bedryfsekonome (nou ondernemingsbestuur) saam met hul metgeselle by 'n deftige studente-opskop in 1939. Naaslinks agter is CGW Schumann en vierde van links agter Willem Dempsey.

Onder: Sampie Terreblanche (links) en drie van sy studente in 1971. Hulle is Reinard Joubert en twee huidige Unisa-professore, Philip Mohr en Estian Calitz.

dit bly – nasionaal en internasionaal.”

Dié standpunt sou dalk as elitisties afgemaak kon word of van owerheidskant slae kry, sê Matthee. “Maar, “indien ons let op die sukses waarmee die minister van Finansies gesonde ekonomiese teorie en beleid handhaaf, teenoor die enorme druk van sy kollegas in die kabinet en van sy party, kan ons ook seker die beweegruimte gegun word om ons internasionaal erkende hoë doelwitte na te streef.”

’n Glans feespublikasie ter viering van die besondere mylpaal is ook op die dinee onder die gaste versprei. Die blad is heel gepas aan een van die grootste akademici in die bestaan van die fakulteit – prof Jan Sadie – opgedra.

Prof Sadie, uitmuntende ekonoom en demograaf, was vir meer as vier dekades aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde – as student, dosent en hoof

van die Departement Ekonomie en as direkteur van die internasionaal bekende Buro vir Ekonomiese Onderzoek waarvan hy in 1944 een van die grondleggers was.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het meer as 100 dosente met bykans 50 professore en medeprofessore aan die stuur van die agt departemente: Bedryfsielkunde, Ekonomie, Logistiek, Ondernemingsbestuur, Rekeningkunde, Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, Statistiek en Aktuariële Wetenskap en die Nagraadse Bestuurskool in Bellville.

Die bekwame en toegewyde dosentekorps – elkeen op sy spesialisasiegebied en gesamentlik binne spanverband – verseker deurentyd dat die akademiese programaanbod in lyn met markbehoefes en internasionale tendense relevant bly. Hulle besef ook dat die volhoubaarheid en verdere versterking van die

Die Vrouevereniging het geld ingesamel vir die eerste Huishoudkundegebou wat in 1933, in die Groot Depressie, ingewy is

fakulteit se posisie as instelling van uitnemendheid meer as ooit afhanklik is van die steun en samewerking van die sakesektor en die landsowerhede; relevante navorsing; en die versterking van netwerke, veral ook met toonaangewende akademiese instansies wêreldwyd.

Die fakulteit aanvaar ook graag die verantwoordelikheid om op sy terrein gestalte te gee aan die strategiese raamwerk van die Universiteit wat vroeër vanjaar na ’n proses van inklusiewe deelname geformuleer en landswyd bekend gestel is.



Departement vier driekwarteeu van groei en prestasie

Verbruikerswetenskap hou van uitdagings

In die afgelope vyftien jaar was daar ingrypende veranderinge en koersaanpassings

Van ’n nederige ontstaan in 1925 het Verbruikerstudie (voorheen Huishoudkunde) ontwikkel tot ’n volwaardige wetenskaplike departement wat vanjaar sy driekwarteeufees gevier het.

Die departement, wat selfs in die buiteland erkenning geniet, het in dié 75 jaar duisende vakkundiges (in voedsel, voeding, kleding, tekstiele en behuising) opgelei.

In 1926 is ’n BSc-kursus met Huishoudkunde as hoofvak ingestel, met “miss” Ivy van der Merwe as die eerste dosent. Vanaf 1929 was daar ook ’n tweejarige diplomakursus. “Miss” Katie Neethling en Nonna Steer het as dosente bygekom.

Die Universiteit se vrouevereniging het met tennistoernooie geld ingesamel vir ’n gebou wat in 1933 ingewy is – nou een van die Universiteit se administrasiegeboue maar met “Huishoudkunde” in gebrandskilderde glas steeds bokant die hoofingang wat deesdae permanent gesluit is.

Mattie Jooste was die departement se eerste professor, in 1964, én die eerste Suid-Afrikaner met ’n MSc- en doktorsgraad in huishoudkunde. Die departement se eerste honneursstudente in 1961 was ook ’n landwyse voorloper.

Jooste se opvolger in 1968 was Elizabeth Boshoff wat in 1974 as Matie die eerste Suid-Afrikaanse doktorsgraad in huishoudkunde behaal het. Onder haar leiding is ’n vierjarige B-grad ingestel en het die departement sy huidige gebou in 1971 betrek. Ná haar vertrek Pretoria toe in 1975 was prof Leonie van



Met Verbruikerswetenskap se driekwarteeufeesviering in September: Ria van Wyk, departementele voorsitter, Magdaleen van Wyk, rektorsvrou en ’n dosent in dié departement, Elizabeth Boshoff, ’n oudhoof, en Elize Botha, die kanselier.

Heerden die hoof.

Bessie Visser is in 1986 in ’n tweede professoraat in dié departement aangestel en het die geesdriftige, vind- ingryke Van Heerden as departementele voorsitter opgevolg nadat dié in 1990 uitgetree het om ’n privaat praktyk te begin. Ria van Wyk is daarna in die tweede professoraatspos aangestel.

In die afgelope vyftien jaar was daar ingrypende veranderinge en koersaanpassings:

- Strategiese beplanning lei tot nuwe programme met ’n ander fokus. Dié graadprogramme bied nuwe loopbaanmoontlikhede en die stygende studentegetalle sedert 1998 dui op hoe goed dit ontvang word.

- Ook die naamsverandering na Verbruikerswetenskap om met nasionale en internasionale veranderinge tred te hou. Die departement het die voortou geneem om dié naam in Suid-Afrika vir graadbenamings goedgekeur en geregistreer te kry.

Dié ingesteldheid het onder meer gelei tot ’n internasionale samewerkingsooreenkoms met die College of Family and Consumer Sciences van die Iowa-staatsuniversiteit in die VSA.

Verbruikerswetenskap hou van uitdagings. Vandaar die visie om op Suid-Afrika se voorste sentrum van uitnemendheid op dié gebied te wees: in ondernemig, navorsing en dienslewering, rakende voedsel, voeding, kleding en behuising.



Tjellostudent Salzburg toe ná uitruilooreenkoms

Stefan Grové, 'n meestersgraadstudent in tjello, studeer ingevolge 'n onlangse uitruilooreenkoms met die Universiteit van Salzburg aan dié musikstad se beroemde Mozarteum.

Salzburg se viserektor, prof Brigitte Winklener, en die Stellenbosse rektor en visekanselier, prof Andreas van Wyk, het die uitruilooreenkoms onlangs in die Eikestad onderteken.

Grové was sedert 1995 'n student van Magdalena Roux, senior lektor in tjello aan die Conserve. Hy studeer aan die Mozarteum Salzburg onder leiding van prof Heidi Litschauer.

Thomas Spring, 'n tjellostudent van die Mozarteum, kom vroeg in die nuwe jaar in Grové se plek Stellenbosch toe as nagraadse student by Roux.

Grové het BMus in 1998 verwerf en HonsBMus in Februarie vanjaar. Hy het prof Litschauer verlede jaar leer ken toe hy aan die Neuberg Somerskool in Oostenryk deelgeneem het.

Verlede jaar het hy die Oude Meester Kompetisie gewen en vanjaar was hy 'n finalis in Unisa se Nasionale Strykers Kompetisie. Hy het

onder meer as solis saam met die KZN Filharmoniese Orkes in Durban opgetree en Dvorak se tjellokonsert op Stellenbosch uitgevoer.

Roux, wat sedert 1983 aan die Universiteit verbonde is, is self 'n eertydse student van die Mozarteum Salzburg. Sy bied tweejaarliks saam met Litschauer meestersklasse in tjello in Neuberg naby Wenen in Oostenryk aan. Litschauer het ook reeds verskeie kere meestersklasse op Stellenbosch aangebied.

Die uitruilooreenkoms met Salzburg is vir die Conserve baie belangrike kontak, sê Roux. "Dit sal hopelik nog uitbrei na ander instrumente en ook musiekwetenskap en komposisie insluit."



Regs: Stefan Grové en sy tjello waarmee hy 'n musiekkompetisie gewen het en nou aan die Mozarteum in Salzburg studeer.

Inlas: Magdalena Roux

Vanjaar se geslaagde "Nag van Passie" word opgevolg deur 'n inklusiewe fees wat iets vir almal te bied het

Woordfees vir einde Maart beplan

Na die sukses van die eerste Afrikaanse Woordfees vanjaar op die kampus word volstoom gewerk aan 2001 s'n wat drie keer groter gaan wees.

Die fees word beplan vir 30 en 31 Maart. In aansluiting by vanjaar se "Nag van Passie" heet die komende fees "2001 Nagte".

Dit is dan ook presies die beeld wat die Woordfeesplakkaat vir 2001 uitdra. Philip Prins, 'n derdejaarstudent in die Departement Beeldende Kunste, het die moderne Sjeherazade en haar minnaar in vier verskillende weergawes geïllustreer – 'n aanduiding dat die Woordfees 2001 'n inklusiewe fees sal wees wat iets vir almal te bied het.

Die plakkaat is aangewys as wenner in 'n ontwerpkompetisie vir Kunsstudente in hul derde jaar. Die Woordfeeskomitee het dit in samewerking met die Departement Beeldende Kunste aangebied. Studente moes die plakkaat en 'n korporatiewe identiteit vir die Woordfees ontwerp.

Die prys is op 'n Woordfees bekendstellingsfunksie aan Philip oorhandig. By dié geleentheid is alle kunsinskrywings uitgestal en is die voorlopige program vir die Afrikaanse Woordfees 2001 bekendgestel.

Naas voorlesings, dramaproduksies, musiek en die straatfees, sluit dit 'n groot aantal nuwe geleenthede in, sê dr Dorothea van Zyl, wat weer eens die fees se hooforganiseerder is. 'n



© Roger Scitres

Benadeelde skole se omgewing bring mee dat hulle steeds nie lewer wat hulle wil en wat die land van hulle verwag nie

Uitgesoekte leerders kry jaarlange tweedekansprogram

Dié veertigtal spesiale studente kan die Universiteit se biblioteek- en ander geriewe gebruik



Hulle is leerders wat graad 12 geslaag het, maar vanweë verkeerde vakkeuses of swak wiskunde simbole nie toegang kan kry tot graadprogramme wat wetenskap, wiskunde of rekeningkunde as skoolagtergrond vereis nie.

Instansies soos die Johannesburg College of Education en die Midland Community College in Natal het al sulke programme geslaagd aangebied.

Dié soort programme raak al noodsaakliker. Vanweë die sosio-ekonomiese en ander faktore wat histories benadeelde skole se omgewing bepaal, lewer baie van hulle nie die gehalte studente wat hulle wil, en wat die land van hulle verwag, nie.

Die leerders skryf in as spesiale dagstudente en word 'n volle jaar deur kundiges begelei om hulle ryp te maak vir universiteitstudie asook toelating tot studierigtings in die natuurwetenskappe, toegepaste natuurwetenskappe of ekonomiese en bestuurswetenskappe.

Die twee hoofvakke wat aangebied word, is wiskunde en wetenskap of rekeningkunde.

Die twee groepe skryf 'n openbare eksamen in die hoofvakke en word ook intern geëksamineer in vakke soos rekenaargeletterdheid, studie-, denk- en taalvaardighede en ingenieurstekeninge of entrepreneurskap. Dié spesiale studente sal die Universiteit se lesing, laboratorium- en biblioteekgeriewe kan gebruik.

Scimathus word ten volle van buite befonds en deur 'n beheerkomitee van vier lede, wat twee dagbestuurslede insluit, bestuur. 'n Projekleier en dosente is reeds aangestel. Die keurproses vir die studente het die identifisering deur skoolhoofde, onderhoude, die aflê van toetse en finale keuring deur die beheerkomitee of dagbestuur behels.

Scimathus se beheerkomitee: dr Jon Swanepoel (links voor), direkteur van die Universiteit se akademiese ontwikkelingsprogramme, en mnr Willie Ortell, die ondervoorsitter, wat 'n oudburgemeester van Stellenbosch is. Agter (links) is dr Kosie Smit, direkteur van die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys wat 'n Scimathus dagbestuurslid is, en mnr Charles Ockert, 'n afgetrede vakadviseur wat nou privaat praktiseer en 'n Sciothus-projekleier asook - dagbestuurslid is.


Die Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme begin in Januarie met 'n tweedekansprogram genaamd Scimathus (Science and Mathematics Post-Matric Project at the University of Stellenbosch).

Veertig uitgesoekte leerders uit histories benadeelde skole, wat binne redelike pendelaftand van Stellenbosch woon, is hierheen genooi.

'n Fees wat vir elkeen iets gaan bied. Dorothea van Zyl, hooforganiseerder van die Woordfees, saam met Philip Prins by sy wenplakkaat.

Afrikaanse koorfees, 'n leessimposium vir onderwysers, taalpolitieke lesings, woordure, skrywer-sonderhoude, kinderteater en vele meer word beplan.





Vicky Davis vertel hoe tweedejaartjie Jo-Anne Strauss skielik haar Stellenbosse studentestatus vir 'n glanspersoonlikheid verruil het

Matie word Mej Suid-Afrika

Op 19-jarige ouderdom is dié slimkop "go-getter" die heel jongste wat nog hierdie gesogte skoonheidstitel gewen het



As dié langbeen Minervianer die rooiplein oorstap, kan jy haar deur 'n ring trek. Met 'n fier houding en innemende glimlag is sy die toonbeeld van selfvertroue – onderweg Ou Hoofgebou toe om die kompleksiteit van Privaatreg 252 aan te durf.

Maar dié Matie se lewe het skielik 'n drastiese en opwindende wending geneem toe sy as Mej Suid-Afrika 2000 in die Sun City Superbowl aangekondig is. 'n "Verbaasde en geskokte" Jo-Anne Strauss het immers

nou haar 1976 Volksiebesturende studentestatus verruil vir 'n A-klas Mercedesbesturende glanspersoonlikheid...

Jo-Anne, 'n BCommLLB-student van Blackheath, is slegs die tweede Matie wat kon wegstap met dié skoonheidstitel, wat reeds dateer uit die vroeë jare vyftig.

Ellen Engelbrecht, toe nog Liebenberg, het as BA(Tale)-student in 1963 die eerste keer die kroon Stellenbosch toe gebring. Haar man, Jannie, is presi-



Oorkantste bladsy: Op die kroningplegtigheid in die Sun City Superbowl.

Heel links: Jo-Anne as Me Matieland finalis vroeër vanjaar. "Me Matieland het my baie geleer van die organisatoriese aspekte van gemeenskapsdiens, iets wat ek produktief kan gebruik in die jaar wat voorlê."

Links: 'n "Verbaasde en geskokte" Jo-Anne toe sy hoor sy't die Me SA titel gewen.

dent van die Maties se rugbyklub, 'n bekende Stellenbosse wynboer en gewese Springbok rugbyspeler.

Dit is egter duidelik dat Jo-Anne 'n natuurlike slimkop en leier is met 'n volwassenheid wat haar bo ander van haar jare laat uittoon. Sy was van vroeg af al 'n uitbinker as hoofmeisie van Blackheath Primêr en Hoërskool Hottentots-Holland (Somerset-Wes) onderskeidelik.

Vanjaar op kampus was sy voorsitter van die Tweedejaarskomitee en lid van die International Golden Key Honours Society vir haar prestasie op akademiese gebied (haar gemiddeld vir haar vakke vanjaar was 70%).

Sy was ook naaswenner in Tiffany's se Me Matieland kompetisie – wat haar baie geleer het van gemeenskapsdiens, een van die groot verantwoordelikhede van Me Suid-Afrika wees.

As Me Matieland-finalis was sy betrokke by skoliere se opvoeding oor demokrasie en parlementêre verrigtinge. "Me Matieland het my baie geleer van die organisatoriese aspekte van gemeenskapsdiens, iets wat ek produktief kan gebruik in die jaar wat voorlê."

Jo-Anne wil "orals betrokke wees" en veral by die opheffing van vroue, kinderregte of die opvoeding van die jeug. Sy is reeds sedert graad 11 op skool betrokke by die kulturele integrasie van leerlinge van uiteenlopende agtergronde.

Haar liefde vir interaksie met mense en vir geselsies aanknoop, skryf sy toe aan haar ervaring op Stellenbosch. Universiteit is vir haar intellektueel sowel as sosiaal verrykend. "Kampuslewe het my 'people skills' geleer wat vir my 'n

Dié BCommLLB-student van Blackheath is slegs die tweede Matie wat kon wegstap met hierdie skoonheidstitel wat uit die jare vyftig dateer. Die vorige een was Ellen Engelbrecht, toe nog Liebenberg, in 1963

voorsprong gegee het in die kompetisie."

Sy is ook reeds van hoërskooldae af gewoon aan meng met die publiek en dit is asof sy 'n gedaante-verwisseling ondergaan as sy die kans kry om voor mense op te tree.

Maar vir eers gaan sy die Bos verruil vir Johannesburg tydens haar jaar as mooiste nooi in die land. As ware Kapenaar gaan sy maar moeilik die see en berge groet vir die myne van die goudstad. Hoewel sy weet daar lê soms tye van eenzaamheid voor, vertrou sy op haar geloof en

positiewe ingesteldheid.

Volgens Jo-Anne is dié optimisme, asook haar vermoë om produktief en gefokus te bly, haar grootste bates. Waarskynlik vandaar haar hoë mikpunte – met 'n Stellenbosse honneursgraad in joernalistiek in haar visier; sien dié tiener haarself as "niks minder as besturende direkteur van Naspers" nie!

Hoewel sy glo in skoonheid met 'n doel, is voorkoms steeds belangrik. Jo-Anne dink die Oosterse trek in haar oë is haar beste bate. Sy weet nie wat haar swakste bate is nie en glo 'n mens "moet tevrede wees met wat jy het."

Haar trotse ouers, ma Ingrid, 'n bemarker by 'n sekuriteitsmaatskappy, en pa Johann, betrokke by arbeidsverhoudings by die Helderbergse munisipaliteit, voel maar bietjie hartseer oor hul dogter se verhuising, maar glo in haar vermoëns om 'n sukses te maak. Hendrik, haar 15-jarige broer, was nog altyd beïndruk met haar selfdisipline.

Jo-Anne, wat haarself 'n "go-getter" noem, sal in Mei aanstaande jaar aan die Me Heelal-kompetisie in Puerto Rico deelneem en wie weet, dalk gaan haal sy nog dié kroon vir Matieland...



Die volgende Oudmaties en oudpersoneelede van die Universiteit is onlangs oorlede:

Fred Henry Baatjes (61) van Kraaifontein; BEd, MEd 1992-'97.

Dr Oloff M Bergh (64) van Stellenbosch; MPA 1979; het in 1987 'n doktorsgraad aan die UPE behaal; was vroeër jare onder meer as senior administratiewe beamppte aan die Universiteit Stellenbosch verbonde; later dosent aan die Universiteit Zoeloeland en het as departementshoof van publieke administrasie by dié universiteit se Umlazi-kampus in Durban afgetree.

Prof LDC (Louis) Bok (85) van Bloemfontein; BSc asook twee MSC-grade, 1933-'35; tot sy aftrede in 1980 was hy 27 jaar lank professor in anorganiese en fisiese chemie aan die Vrystaatse Universiteit; het in 1938 'n doktorsgraad in Leipzig, Duitsland, behaal; het in Bordeaux, Frankryk, navorsing gedoen en in Boston, VSA, klasgegee; het vir sy navorsing die Imperial College, Londen, se limaatkapsdiploma ontvang.

Michèle Casaleggio (90) van Bloemfontein; BA, SOD 1931, '33; oudinwoner van Dagbreek en was die Maties se klavierspeler met Intervarsity; was onderwyser aan 'n Vrystaatse plaasskool en op Zastron voordat hy vir 42 jaar aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein verbonde was, onder meer as rekeningkunde-leerkrag en koördinerend; wyle proff Gawie Cillié en Philip McLachlan van Stellenbosch was onder sy goeie kennisse.

J du P Dippenaar (77) van Pretoria; BSc, BScIng 1943, '45.

Mev Eveleen du Plessis (geb. Tribelhorn, 81) van Stilbaai; was volgens haar man in 1936 die heel eerste student wat ingeskryf het toe die kursus in liggaamsopvoeding (tans Menslike

Bewegingskunde) met dr Ernst Joki as dosent uit Duitsland aan die Universiteit ingestel is; was ook 'n prinses vir die lentekoningin toe die eerste Juniorstudente-Lentedag in 1937 begin het; 'n oudinwoner van Huis ten Bosch; het uitgeblink in tennis, swem, hokkie en atletiek; het in 1938 ses atletiekrekords op een dag verbeter.

JL du Plessis (69) van Middelburg, Ooskaap; BA, LLB 1950, '52; was 'n Oudwilgenhoffer.

Mev AJC (Anna) du Toit (geb. Basson, 82) van Riebeeck-Wes; Diploma in Huishoudkunde 1939; 'n Oudmonicaner; drie van haar kinders is Oudmaties: Ansa (MA), Mimi (BSc) en Madelyn (BHuish).

Dr IL (Leon) Ferreira (63) van Bloemfontein; BA, BD en Lisensiaat in Teologie 1959-'63 asook DTh 1972; was predikant van twee Johannesburgse gemeentes voordat hy vanaf 1980 argivaris van die NG Kerk in Bloemfontein was; het 'n aantal kerkhistoriese werke geskryf.

Dial N Kama (90) van Stellenbosch wat van 1947 tot 1979 by die Departement Chemie gewerk het; 'n "gentleman" vir wie die personeel en studente baie waardering gehad het; die laboratoriums en wetenskaplike apparaat waarvoor hy verantwoordelik was, was altyd 'n sieraad van die departement; was so gewillig onder studente dat Oudmaties van oral af gereeld gevra het hoe dit met hom gaan; ook 'n grapmaker met 'n fyn waarnemingsvermoë wat elke dosent se klasgee-eienaardighede waargeneem het en presies kon naboots; is met groot belangstelling uit Studentekerk-gebou begrawe. Sy gesinsverbintenis met die Universiteit leef voort deur 'n seun, Moses Kama van Instandhouding.

MPA Kamfer (68) van Gouritsmond; BSc 1956; 'n Oudwilgenhoffer.

RE (Ronnie) King (64) van Monte Vista, Parow; BA 1957; voormalige assistentredakteur van *Die Burger*; van 1994 tot sy aftrede in 1996 Naspers se taalredakteur; het ook onder die skuilnaam Piet King die rubriek Huisgenotjies in *Die Huisgenoot* behartig.

WCS Kotze (66) van Morningside, Johannesburg; BSc BIng 1956.

Lt.kol. Chris Kruger (42) van Doringkloof, Centurion; BMil, Hons BB en A met lof, MBA met lof 1980-'97; het ook die Ou Mutual medalje in 1995 verwerf; was aan die lugmag verbonde; het met sy dood aan 'n doktorsgraad gewerk.

JA (Hannes) Lambrechts (29) van Constantia, Kaapstad; BComm, HonsBComm, MComm 1993-'97; was besig met sy aktuariële klerkskap by 'n Kaapstadse firma; seun van 'n Stellenbosse dosent in ondernemingsbestuur; prof Izak Lambrechts.

John E Laredo (68) van Leeds, Brittanje; BA 1955; Oudwilgenhoffer; studeer in 1955-'57 aan King's College, Cambridge waar hy 'n oortuigde sosialis word en trou met mede-Oudmatie Ursula Marx; dosent aan die Universiteit Kaapstad voordat hy in 1959 met antropologiese veldwerk in Natal begin; het isiZulu en verskeie Europese tale naas Engels en sy moedertaal, Afrikaans, geken; het in Natal by Alan Paton se Liberale Party aangesluit en met betogings en ander optredes teen apartheid begin; was hoof van sosiale antropologie aan Rhodes-universiteit, Grahamstad, waar hy aan 'n doktorsgraad gewerk het voordat hy ingevolge "90 dae" aanhoudingsklousule vir 110 dae

gevangene gehou en daarna vyf jaar tronk toe is omdat hy nie teen sy medebeskuldigdes wou getuig nie; is ná sy vrylating onder huisarres geplaas en wyk uit Brittanje toe; het klasgegee by sy ou kollege aan Cambridge en tot sy aftrede in 1993 aan die Universiteit van Bradford.

Pieter du T Möller (60) van Worcester; BSc Landbou 1962; het MSc in Pretoria behaal; het op familieplaas geboer en was voorsitter van die De Wet wynkelder; is kort voor sy dood as Worcesteriet van die Jaar aangewys vir sy uitsonderlike bydrae tot dié dorp en sy gemeenskap.

Dr PJ (Koor) Niemann (75) van Bloemfontein; BSc, MSc en DSc alles in landbouwetenskappe 1945, '48, '69.

JC (Johan) Pauw (81) van Kuilsrivier; BA, SOD, BEd, Sertifikaat in LO 1940-'43; Oudwilgenhoffer; was as Matie 'n ywerige lid van die BTK; was sy hele loopbaan aan die destydse Skool vir Blindes, Worcester, verbonde, as onderwyser en latere adjunkhoof.

Cornelius Z Pauw (49) van Kuilsrivier; seun van bg; BA 1977; oudinwoner van Helshoogte; het as Matie geesdriftig aan drama-opvoerings deelgeneem; was onderwyser aan Pionierskool, Worcester, en Jan Kriel Skool, Kuilsrivier.

ACB Pienaar (38) van Somerset-Wes; BA, LLB 1984-'86; is dood in 'n motorongeluk.

Prof JW Postma (93) van Stellenbosch; oudhoof van die Departement Sportwetenskap (destyds Liggaamlike Opvoeding) aan die US; 'n Nederlander van geboorte wat in 1945 die eerste



Prof JW Postma



Dr Theo Scheffler



Dial Kama



Mev Tini Vorster

doktorsgraad in dié vak aan die US verwerf het; het in Amsterdam gestudeer en in verskeie sportsoorte uitgeblink, onder meer as Amsterdamse kampioen in die 110m en 200m hekkies; het ook sokker, tennis, hokkie en bofbal gespeel; was van Maart 1940 tot einde 1946 "LO" se waarnemende departementshoof voordat dr Danie Craven in April 1947 die hoof geword het. Postma was 33 jaar 'n US-dosent; was in 1972, kort voor sy aftrede, onder die eerste dosente wat by die US medeprofessore geword het.

Stella Potgieter (88) van Stellenbosch; BA (Regte) 1931, SOD 1933; oudinwoner van Harmonie; sover bekend die eerste vrou wat BA (Regte) aan die US behaal het; onderwyseres van 1934 tot haar aftrede in 1973; het baie jare skoolgehou in Kenilworth, Kaapstad waarheen sy gependel het terwyl sy op Stellenbosch gewoon het; was die dogter van 'n predikant van De Doorns; haar ouers het later op die plaas Cloetesdal buite Stellenbosch gewoon waar die woonbuurt Cloeteville nou is.

Me Anna W Rothmann (96) van Swellendam; BSc, Hoër Sekondêre Onderwysdiploma, MSc 1924, '26, '31; oudinwoner van Harmonie; was dosent aan die destydse Paarise Opleidingskollege; was gedurende 1936-'54 organiseerder van die skooliens by die Albany museum op Grahamstad, waar 'n vleuel van die museum in 1980 na haar vernoem is; het in 1938 met 'n Carnegie-beurs 'n studiebesoek aan die Field museum in Chicago, VSA, gebring; was sedert 1954 op haar geboortedorp, Swellendam, betrokke by die Drostyd museum waar sy onder meer die dorp en omgewing se geskiedenis nagevors het en medeskrywer van 'n boek daarvoor was; het verskeie boeke geskryf of in Afrikaans vertaal; was die dogter van Afrikaanse skryfster MER.

Dion Sadie (50) van Stellenbosch; BSc, HonsBSc 1972-'75; dosent in

soölogie aan die Universiteit Stellenbosch sedert 1987; voorheen verbonde aan die Universiteit van die Noorde; het as navorser op Stellenbosch baanbrekerswerk gedoen oor die uitwerking van haaiduiktoere op witdoodhaaië en hul omgewing, wat die eerste ter wêreld oor dié onderwerp was en waaroor 'n berig in die vorige uitgawe van *Matieland* verskyn het (2:2000). Die Internasionale Fonds vir Dierebeskerming het redelik onlangs bykans 'n kwartmiljoen rand hiervoor geskenk.

Dr TB (Theo) Scheffler (88) van Stellenbosch; BSc, MSc in fisika en SOD alles met lof 1931-'33 asook DSc in 1942; was as student 'n lid van die BTK se bestuur; later jare president en sedert 1978 lewenslange erepresident van dié klub; gee onderwys in Gansbaai en studeer daarna aan Cambridge, Engeland, maar moes met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog terugkeer om op Stellenbosch verder te studeer; was dosent in fisika aan die Universiteit vanaf 1940 tot sy aftrede in 1977; was as besoekende senior lektor (1967) en besoekende professor asook departementshoof (1968) na die universiteitskollege van Rhodesië in Salisbury (nou die Universiteit van Zimbabwe in Harare) gesekondeer; was medestigter en eerste voorsitter van die Stellenbosse afdeling van die Bergklub van Suid-Afrika en het lank as nasionale bestuurlid gedien. Sy drie kinders het aan die Universiteit gestudeer: Bernhard, wat aan die Universiteit Pretoria verbonde is; Walter, 'n raadgewende aktuaris van Durbanville wat Sanlam se senior hoofbestuurder was en in die Universiteitsraad gedien het, asook Eggie, 'n elektroniese ingenieur van Parow.

Mev LJ Smit (geb De Klerk, 33) van Gordonsbaai, voorheen Windhoek; BEcon 1990; oudinwoner van Minerva.

JA van Blerk (91) van die Strand;

BComm 1929; 'n Oudwilgenhoffer.

WN (Wian) van Heerden (24) van Graafwater wat aan 'n rekenmeestersfirma op Worcester verbonde was; BRek 1997; oudinwoner van Huis Visser.

Ds CG (Cornie) van der Merwe (79) van Senekal in die Vrystaat; BA (1942) en sy teologies studies aan die Kweekskool; was 'n inwoner van die destydse koshuis Bergville; is as NG predikant in Bloemfontein georden; het in verskeie ander gemeentes gedien voordat hy op Lindley afgetree het. Sy weduwee is ook 'n Oudmatie.

Mev ECA van der Merwe (50) van Pretoria; Laer Diploma in Biblioteekkunde 1973.

Mev MS (Tini) Vorster (geb. Malan, 83) van die Strand; BA in maatskaplike werk 1938; weduwee van mede-Oudmatie John Vorster; eertydse premier en latere staatspresident wat gedurende 1969-'83 die Universiteit se kanselier was. Sy was 'n oudinwoner van Monica.

JJ Wessels (39) van Pretoria; BA, LLB 1989-'92; was 'n vennoot van 'n Pretoriase prokureursfirma.

PN Wiese (70) van Lambertsbaai; BComm 1951.



Weet jy van 'n Oudmatie wat onlangs oorlede is? Stuur asseblief kort besonderhede (die oorledene se voorletters, noemnaam en van, ouderdom, geboortedatum en/of studentenummer, kursusse, loopbaan, ens. soos op hierdie bladsy) aan die adresse of faksnommer op bl. 1.

Matie-atlete het baie bygedra tot die Amakrokrokroko se segetog by die Paralimpiese Spele in Sydney

Coetzenburg word SA oefenplek vir paralimpiese atlete

'n Span sportwetenskaplikes by die Universiteit het die SA atlete ook met hul voorbereiding vir die spele in Sydney gehelp. Deur **Barnie Louw**

Die Nasionale Paralimpiese Komitee het sy opleidingsakademie vir Suid-Afrika se paralimpiese atlete by die Universiteit gevestig. Dit is by die Departement Menslike Bewegingskunde op Coetzenburg gesetel.

Dit is die eerste sportfederasie wat die Universiteit as amptelike tuiste vir sportwetenskap en afrigting aanwys.

Dié aanwysing volg op die groot bydrae wat die Universiteit se paralimpiese atlete verleen het tot die Suid-Afrikaanse paralimpiese span, die Amakrokrokroko, se segetog by die onlangse Paralimpiese Spele in Sydney. Die Suid-Afrikaners het dié spele, die elfde sedert 1960, afgesluit met 'n rekordgetal van 38 medaljes – 13 goud, 12 silwer, 13 brons en sewe wêreldrekords.

Die Universiteit was die amptelike oefen- en voorbereidingsentrum van die paralimpiese span voor die spele in Sydney.

Vroeër het nog 'n besonderse eer die Universiteit te beurt geval toe die Nasionale Sport Kommissie (NSK) 'n span sportwetenskaplikes by die Universiteit gevra het om met die Amakrokrokroko se voorbereiding vir die spele in Sydney te help.

Dit het alles gespruit uit die Universiteit se tradisie van voortreflikheid in sportwetenskap, sê die koördineerder van die US se sportwetenskaplike ondersteuningspan, dr Elizabeth Bressan, 'n sportwetenskaplike by die Departement Menslike Bewegingskunde.

"Maar die span se resultate in Sydney was die gevolg van hul wonderlike spannees," sê Bressan. "Ons kan nie dié eer vir onself toedig nie."

"Omdat dit die eerste keer was wat 'n Suid-Afrikaanse paralimpiese span sportwetenskaplik ondersteun is, kan ons nie werklik sê wat ons aandeel in hul sukses was nie. Alle eer moet dus gaan aan die bestuur en afrigters van die span."

Bressan sê met volgehoue sportwetenskaplike ondersteuning sal die bydrae van sportwetenskaplikes by die volgende Paralimpiese Spele in Athene duideliker word.

"Die standaard van paralimpiese sport raak jaarliks hoër. Sonder dinamiese sportwetenskaplike ondersteuning sal die Suid-Afrikaanse span agter raak by die res van die wêreld," sê Bressan.

Sy sê die Universiteit is aangewys as die amptelike oefen- en voorberei-



Elizabeth Bressan van Menslike Bewegingskunde by Ernst van Dyk (27), operasionele bestuurder by die Universiteit Stellenbosch Gimnasium, wat 'n brons medalje in die 400m vir rolstoeldeelneemers by die Paralimpiese Spele in Sydney verower het.

dingsentrum van die paralimpiese span voor die spele in Sydney.

"Wat ook 'n enorme rol gespeel het, was die bydrae tot die ontwikkeling van die sport deur my kollega, Corné Rossouw. Sy is al jare ten nouste by paralimpiese sport betrokke – sedert Suid-

Afrika se eerste deelname aan 'n Paralimpiese Spele in 1982 in Barcelona.

Om die Amakrokrokro sportwetenskaplik te ondersteun, het die NSK bykans R300 000 aan die Universiteit bewillig vir drie projekte:

- R200 000 vir multi-dissiplinêre wetenskaplike toetsing en voorbereidingsvoorstelle aan die paralimpiese span en hul afrigters,
- R50 000 vir die ontwikkeling van 'n program wat talent onder gestremde kinders identifiseer, en
- R40 000 vir die ontwerp van 'n nasionale databasis om die Nasionale Paralimpiese Komitee te help om die prestasiestandaarde van die atlete te monitor.

Behalwe personeel van Menslike Bewegingskunde, is personeel van die Departement Mens- en Dierfisiologie en die Fakulteit Geneeskunde by Tygerberg ook by dié ondersteuningsprogram betrek.

Die ondersteuningspan het oor 'n tydperk van etlike maande 'n hele reeks multi-dissiplinêre wetenskaplike toetse op die atlete gedoen. Naas Bressan bestaan die span uit dr. Elmarie Terblanche, Kathy Myburgh en Paula Robson, prof. Justus Potgieter (wat ook die span na Sydney vergesel het), asook Karin Hugo, Suzanne Ferreira en Ernst van Dyk en Peter Maree.

"Behalwe mediese toetse en sportwetenskaplike analises en aanbevelings, is fiksheidtoetse ook gedoen om die atlete se potensiaal, sowel as potensieële areas van swakheid te bepaal.

"Afhangende van die atlete se gebrek, is die fiksheidtoetse ontwerp om elke atleet se krag, soepelheid en aërobiese vermoëns te meet wat weer gebruik is in die wetenskaplike analise en aanbevelings aan afrigters.

"Daarbenewens is sielkundige toetse ook op die atlete gedoen en is elkeen se dieet haarfyn ontleed en beplan. Dit is ook gebruik om die nodige aanbevelings en aanpassings in oefenprogramme en voorbereiding te doen," het Bressan die span se werkswyse verduidelik.

In Januarie vanjaar is 'n oefenkamp vir die atlete op Stellenbosch gehou. Atlete wat nie vir die reeks toetse na die departement kon kom nie, is by hul huise besoek waar die toetse dan uitgevoer is.

Na die afhandeling en verwerking van die toetsuitslae, is 'n aanbevelingsverslag aan die atlete se afrigters gestuur waarin elke atleet se sterk en swak punte

"Van die atlete is sielkundig taai, maar selfs dit gaan in die toekoms nie genoeg wees nie"

uiteengesit en remedies aanbeveel is.

Opvolgbesoeke aan die departement is gereël waar atlete in sommige gevalle weer getoets is en nuwe aangepaste aanbevelings geformuleer is.

Nie net het die span ondersteuning verleen aan paralimpiese atlete nie,

maar het ook gehelp met die voorbereiding van die Olimpiese span se gimnaste en driekamp atlete.

Volgens Bressan is die paralimpiese atlete se vertoning in Sydney nog merkwaaardiger as in gedagte gehou word dat Suid-Afrika se sportowerhede, in vergelyking met Brittanje en Australië, bykans geen geld op hul atlete se voorbereiding bestee nie.

Suid-Afrika het gemiddeld R2 000 per atleet bestee, terwyl Brittanje sowat R67 000 per atleet en Australië sowat R85 000 per atleet bestee het.

Die Australiërs, wat 'n span van meer as 400 lede gehad het, het die meeste medaljes verower. Die tuisspan se 149 medaljes (63 goud, 39 silwer en 47 brons) is agtien meer as Brittanje se 131 medaljes.

Die Suid-Afrikaners het algeheel dertiende uit 121 lande geëindig, maar dié prestasie is soveel beter as in aanmerking geneem word dat die span uit net 64 deelnemers bestaan het. Vier jaar gelede in Atlanta het die Amakrokrokro 28 medaljes (10 goud, 8 silwer en 10 brons) verower.

Volgens Bressan is een van die grootste leemtes in die voorbereiding van Suid-Afrikaanse paralimpiese atlete nog die gebrek aan gereelde internasionale kompetisie waar atlete die druk van mededinging op internasionale vlak kan ervaar.

"Ons atlete is nog nie kompetisietaaie genoeg nie. Baie van die atlete uit landelike gebiede is natuurlik sielkundig taai, maar selfs dit gaan in die toekoms nie genoeg wees nie."

Sy sê voldoende fondse is ook nog nie beskikbaar om atlete voor te berei nie.

"Met meer geld tot ons beskikking sal ons beslis meer daarop fokus om atlete aan byeenkomste te laat deelneem. Ons sal ook afrigters betrek by die toetsing en evaluering en die afrigters se vaardighede uitbou, ontwikkel en versterk."

Nou wat die ondersteuningspan met 'n redelike mate van tevredenheid kan terugkyk op die sukses van Amakrokrokro in Sydney, beteken dit nie dat hulle gaan agteroor sit nie.

Die eerste beplanningssessie vir die Paralimpiese Spele in Athene in 2004 is onlangs gehou.

Oor die span se kanse op sukses in Athene sê Bressan: "Dit is uitstekend, mits hulle gehoor gee aan die Paralimpiese span se leuse van 'Catch the Winning Spirit.'"



Wesley kry sy baadjie ná 22 jaar



Wesley ("Wessel") Seconds van die Department Bedryfsingenieurswese dra met trots sy Springbokbaadjie wat hy onlangs van Sarvu gekry het. Hy is een van die 185 manne wat voor die eenwording in rugby vir hul onderskeie unies op nasionale vlak rugby gespeel het maar weens die destydse beleid nie vir die Springbokspan in aanraking kon kom nie. Hy het as haker vir die Blakes rugbyklub op Stellenbosch in 1978 vir die SA Rugbyfederasie uitgedraf en ook verskeie wedstryde vir die WP Federasie om die Sport Pienaar beker gespeel. Seconds, wat sy baadjie op die Sarvu dinee ter ere van die "Helde van Weleer" in Sandton ontvang het, werk al byna 30 jaar by die Universiteit.

Gegradueerdes het groot drome ...



en daarom kan 'n "ietsie" opsy gesit, ver gaan om u drome vir die toekoms waar te maak.

Indien u elke maand 'n klein bietjie wegsit, en dit in kundige hande laat groei, kan u u geld se potensiaal om "geld te maak" benut. Stratus Kapitaalgroei plaas daardie nuwe motor, droomhuis, rustige aftrede, of waaroor u ook al gedroom het, met gemak binne u bereik.

Wat Stratus Kapitaalgroei u kan bied:

- * *'n Langtermynspaargeleentheid.* Stratus Kapitaalgroei is 'n beleggingsplan wat spesifiek ontwerp is vir medium- tot langtermynspaar. Die minimum termyn is 5 jaar.
- * *Buitengewone groei op u geld.* Die **Buitelandse Gebalanseerde Fonds** is vir die belegger wat graag oorsee wil belê en voordeel wil trek uit enige vermindering in die waarde van die rand teenoor enige groot geldeenhede, maar wat 'n balans tussen optimale kapitaalgroei en stabiele opbrengste soek.
- * *Toegang tot u geld.* Na ses maande, onderworpe aan sekere voorwaardes, sal u 'n rentevrye lening teen die waarde van u belegging kan doen.
- * *Beveg inflasie.* U premies word elke jaar outomaties met 10% verhoog om inflasie teen te werk.
- * *Kontantonttrekking.* U kan 'n deel van u belegging onttrek en die res los om verder te groei.
- * *'n Nabelaste enkelbedrag wanneer u belegging uitkeer.* Sanlam sal gedurende die polistermyn vir u belasting betaal. Dit beteken dat wanneer u belegging uitkeer, die opbrengs kragtens huidige belastingpraktyk volkome **belastingvry** in u hande sal wees.
- * *Eenheidspryse daaglik gepubliseer.* Sanlam publiseer elke dag die eenheidsverkoopprys vir elke beleggingsfonds in die vernaamste koerante. U kan die waarde van u polis bepaal deur hierdie prys te vermenigvuldig met die aantal eenhede wat u het.

DIE BUITELANDSE GEBALANSEERDE FONDS

Die Buitelandse Gebalanseerde Fonds belê in oorsese staatseffekte, sowel as aandele in prima maatskappye wat op aandelebeurse in Noord-Amerika, Europa, Brittanje en Japan genoteer is. Die Buitelandse Gebalanseerde Fonds het 'n laer risikovlak as 'n fonds wat hoofsaaklik in aandele belê is, en is ideaal vir spaar op lang termyn.

Realiseer die potensiaal van u bydraes, en laat u geld vir u werk. Vir meer inligting oor, of om aansoek te doen om Stratus Kapitaalgroei, gesels gerus met u Sanlam-adviseur of makelaar, of skakel bloot 0860 22 33 90. Of u kan die aangehegte aansoekvorm invul en dit posvry terugstuur aan Vrypos Nommer CB 3008, Sanlam (Afd. 33), Sanlamhof, 7532.



Stratus Kapitaalgroei Aansoekvorm

Ja ☒, ek wil graag in Stratus Kapitaalgroei belê!

Oor uself

Taalvoorkeur	Afrikaans ☐	Engels ☐
Titel, voorletters en van		
Volle eerste naam <i>(soos op ID)</i>		ID-nommer
Vorige van		Geboortedatum
Posadres		
E-pos adres		
Tel.: Huis	()	Werk () Sel.

Oor u belegging

1. Aanvangsdatum Termyn Ander termyn Minimum 5 jaar
- Produkkode Lewensdekking Premiegroei

2. Dui asseblief u beleggingskeuse aan

Beleggingsfonds	Minimum maandelikse premie R150	Ja, ek wil graag belê (✓)
Buitelandse Gebalanseerde Fonds		

3. Vervanging van enige versekeringspolis is bykans altyd tot u nadeel. Het u 'n bestaande polis gekanselleer om hierdie een uir te neem? Ja ☐ Nee ☐

4. Noem asseblief die naam van u Sanlam-adviseur of makelaar

Geteken re Datum Handtekening ☒

Die bepalinge en voorwaardes wat vir hierdie polis geld word volledig in die Poliskontrak uiteengesit.

Debietordermagtiging

E01/10/PG=10/01-02-2001/341309

9081/N548/12-2000A

Besonderhede van debietorderbetaler

Van

Volle eerste naam
(soos op ID)

Ander voorletters

ID-nommer

Debietorderbesonderhede

Naam van bank*

Naam van tak

Tipe rekening

Rekeningnummer

* FNB-spaarrekeninge bied ongelukkig nie 'n debietorderopsie nie.

Ek magtig Sanlam om vanaf 1 Februarie 2001 die bedrag hierbo aangedui per debietorder teen my bankrekening te vorder.

Handtekening van betaler ☒ Datum ☒



Kry die kredietkaart
met al die
regte kwalifikasies.

Wanneer jy jou Absa
Universiteit MasterCard kredietkaart gebruik,
dra jy by tot die opvoeding van die nasie. Want dan maak
Absa 'n skenking aan jou universiteit sonder dat dit jou iets kos.
Internasionaal aanvaar, gratis reisversekering en tot 55 dae
rentevrye krediet – 'n verstandige keuse.



Doen vandag nog aansoek by enige Absa tak, skakel
0860 40 50 60 of besoek www.absa.co.za.

 **ABSA**
Vandag Mōre Altyd Saam